

D I E D I D A C H É
of
D I E O N D E R W Y S I N G V A N D I E T W A A L F A P O S T E L S

In Afrikaans vertaal uit die hersiene Griekse
teks van J. B. Lightfoot met kantaantekeninge
en 'n kerkhistoriese verkenning van die belang
en problematiek

deur N. F. PRETORIUS



Skripsie ingelewer vir die graad van
Magister in Teologie (dept. Ekklesiologie)
aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: PROF. E. BROWN

Julie 1976
STELLENBOSCH

INHOUDSOPGAWE

'n Kerkhistoriese verkenning van die belang en problematiek van die Didaché	p. 1
1. Ontdekking en publikasie	p. 1
2. Samestelling en inhoud	p. 1
3. Datum van ontstaan en strekking	p. 2
4. Verdere problematiek: nagmaal of agape	p. 3
5. Die ampte	p. 6
6. Die getuienis van die Didache met betrekking tot die Kerkregering en ampsbediening	p. 7
7. Evaluering in Kerkhistoriese sin	p. 9
Die teks	p. 11
Kantaantekeninge	p. 28
Bibliografie	p. 42

DIE ONDERWYSING VAN DIE TWAALF APOSTELS

'n Kerkhistoriese verkenning van die belang en problematiek van die Didaché.

0. In die werke van Eusebius, Athanasius, Hiëronimus, Rufinus en verskeie ander geskrifte uit die vroeë Christelike literatuur kom verwysings voor na 'n "Onderwysing van die Apostels" of "Onderwysings van die Apostels" of die "Twee Weë". Voor 1883 is algemeen aanvaar dat hierdie verwysings betrekking het op die sogenaamde "Apostoliese Kerkorde", die "Apostoliese Konstitusies" of 'n ander verlore dokument. 'n Sekere Krawutzky was oortuig daarvan dat daar een of ander bron moes bestaan het wat etiese voorskrifte voorgedra het in die vorm van twee weë: 'n goeie en 'n slegte weg. Met gegewens uit verpreide bronne het hy probeer om hierdie verlore dokument te rekonstrueer en in die jaar 1883 het geblyk dat sy werk niks minder as briljant was nie. Dit was in daardie jaar dat Philotheus Bryennius die volledige teks van die Didaché of DIE ONDERWYSING VAN DIE TWAALF APOSTELS te Konstantinopel gepubliseer het. Krawutzky se rekonstruksie was ongelooflik na aan die oorspronklike, maar het slegs die eerste paar hoofstukke gedek. Van die tweede helfte van die boek aangaande die orde van die kerk en apokalips het nóg hy, nóg iemand anders enige suspisie gehad.

1. Ontdekking en publikasie:

Die Didaché is ontvang as die belangrikste patristiese fonds in die tweede helfte van die negentiende eeu. Die manuskrip is 'n unsiële kodeks uit die jaar 1056 n.C. deur ene "Leon, notaris en sondaar". Bryennius het dit in 1875 in die biblioteek van die Jerusalemse Klooster van die Heilige Graf te Konstantinopel ontdek. Die publikasie daarvan, agt jaar later, het 'n sensasie veroorsaak wat selde geëwenaar is. Die Griekse teks het teen die einde van 1883 verskyn en op 3 Februarie 1884 is die eerste Duitse vertaling gepubliseer. Op 28 Februarie 1884 verskyn 'n Engelse vertaling uit die Duitse teks in Amerika. Voor die einde van daardie selfde jaar het literatuur oor hierdie onderwerp, met uitsondering van koerantartikels, reeds onder vyftig titels in Wes-Europa en Amerika verskyn!

2. Samestelling en inhoud:

Die Didaché beslaan sestien hoofstukke wat hoofsaaklik in drie dele verdeel kan word. Die eerste vyf hoofstukke is 'n uiteensetting van die "Twee Weë": die weg van die lewe en die weg van die dood. Daarna volg 'n oorgangshoofstuk wat handel oor die eet van afgodsoffers en die juk van die Here. Die tweede deel strek tot by hoofstuk X. Hoofstuk VII handel oor die doop, VIII oor vaste en die "Onse Vader", terwyl hoofstukke IX en X begin met die woorde:
περὶ δὲ τῆς εὐχαριστίας . Die derde deel gee voorskrifte vir kerklike organisasie en eindig met 'n oproep om waaksaam te wees.

Hoofstuk XI handel oor apostels en profete; XII oor rondreisende Christene en XIII oor leraars en "die eerste opbrings van die oes". Hoofstuk XIV gaan oor die κλάσος ἄρτου op Sondag en die voorbereiding daarvoor, terwyl hoofstuk XV die veelbesproke opdrag bevat om ἐπισκόπους καὶ διακόνους te kies. Die boek sluit af met die apokalips van hoofstuk XVI.

3. Datum van ontstaan en strekking:

Van die eerste oomblik van publikasie af is die Didaché aanvaar as 'n baie vroeë dokument uit die Christelike kerk. Bewyse is aangevoer wat die ontstaansdatum van die geskrif so vroeg as die jaar 70 n.C. plaas. Sommige geleerdes vind selfs aanduidings dat Johannes, die evangelieskrywer, met die Didaché bekend moes gewees het.

Die hoofstukke wat oor die kerklike organisasie handel, is dadelik met groot ywer bestudeer om te sien hoedanig die kerk in die vroegste jare sy inrigting waargeneem het. Elke sekte het hoopvol probeer om sy besondere leerstelsel in die Didaché terug te vind! Maar die Didaché het geswyg. Die resultaat van die ondersoek is dat vroeë ontlok is waaroor tot op hede 'n stortvloed van publikasies van die mees uiteenlopende opinies die lig gesien het. Charles Bigg¹⁾ het reeds in 1898 die opinie uitgespreek dat "... short as this treatise is, it abounds in points which in the case of any other document would certainly have been thought to indicate a late origin. But, for some reason or another, the Doctrine has been the spoiled child of criticism. Here, and here only, suspicion has slept, and instead of the facts proving the youth of the book, the book has been held to show the age of the facts". Die "facts" dui dan vir hom daarop dat die Didaché nie as 'n boek voor die vierde eeu ontstaan het nie.

Sommige geleerdes wil in die hoofstukke oor die doop en vaste 'n ontwikkeling sien wat veel later is as dié wat handel oor die erediens en ampte. Verskeie teorieë is voorgestel: dat die Didaché 'n beeld gee van 'n eie kerk in sy eie tyd; dat hierdie kerk iewers in 'n afgeleë plekkie buite die groot beweging van die Christendom geleë was; dat dit 'n oudheidkundige rekonstruksie van die kerk probeer gee; dat dit 'n beeld gee van die Nuwe Testamentiese Kerk; dat dit 'n blatante vervalsing is. Die kerkhistoriese waarde van die Didaché word grootliks bepaal deur die antwoorde wat op hierdie vrae gegee word. Daar moet bepaal word wat die doel van die geskrif is en in sodanige ondersoek staan die datering noodwendig sentraal.

F.E. Vokes gaan in sy werk THE RIDDLE OF THE DIDACHE noukeurig in op die doel van die outeur en kom dan tot die gevolgtrekking dat die Didaché 'n poging is om in Nuwe Testamentiese taal 'n weergawe te gee van wat eie is aan die Nuwe Testament, aan ander

1) C. Bigg, The Doctrine of the Twelve Apostles, p. 21.

apostoliese geskrifte en aan die kerk teen die einde van die tweede eeu, veral die Montanistiese beweging. Hierdie resultaat van Vokes verg besondere aandag, veral omdat sy uitgangspunt nie mank gaan aan die voorveronderstelling dat die Didaché òf 'n presiese weergawe is van die kontemporêre kerk òf anders 'n vervalsing moet wees nie.

Op grond van argumente dat die Didaché vroeër is as die DIDASKALIA (wat iewers in die derde eeu geskryf is) en later is as BARNABAS en HERMAS, plaas hy dit teen die einde van die tweede eeu. Vervolgens ondersoek hy die hoofstukke wat oor die vaste, die apokalips, die profete en die ampte handel, om 'n historiese plasing te vind binne die dogmageskiedenis. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat die Didaché alleen pas in die konteks van die vroeë Montanistiese beweging. Dit is, volgens hom, 'n poging om Montanisme in apostoliese terme uit te druk en nie om te bewys dat Montanisme die vroegste Christendom was nie. Hierdie bevinding korrespondeer dan weer met sy datering van die geskrif.

Die eerste vyf hoofstukke wat oor die "Twee Weë" handel, speel 'n sleutelrol in die ondersoek na die onstaansdatum van die Didaché. Die vraag is of hierdie gedeelte van die Didaché 'n verwerking is van stof wat in die Barnabasbrief voorkom, of het Barnabas aan die Didaché ontleen. Dit is ook moontlik dat Barnabas, die Didaché en die Apostoliese Kerkorde gebruik gemaak het van 'n ou Joodse geskrif wat die "Twee Weë" genoem was. 'n Feitlike soortgelyke teorie word deur sommige skrywers aanvaar, nl. dat daar 'n Christelike of Joods-Christelike dokument moes gewees het wat die "Twee Weë" bevat het. Hier is nog geen sprake van 'n algemeen aanvaarde antwoord nie.

4. Verdere problematiek: nagmaal of agape?

Die probleme met die "spoiled child" is nog nie uitgeput nie. Vir 'n bespreking van die ontwikkeling van die nagmaal is die posisie wat aan hoofstukke IX, X en XIV toegeskryf word, van die grootste belang. Hier sal bepaal moet word of hierdie hoofstukke oor die Christelike liefdesmaal (agape) of oor die nagmaal of oor beide handel. Verder, wanneer (indien wel) hierdie maaltye, soos dit deur die Didaché voorgelê word, in die kerk gebruiklik was. Die volgende moontlikhede moet oorweeg word:

- i die Didaché beskryf in hoofstukke IX, X en XIV die nagmaal,
- ii in IX en X die agape en nagmaal en in XIV die nagmaal,
- iii in IX en X die agape en in XIV die nagmaal,
- iv in IX en X 'n private huis-nagmaal en in XIV die publieke nagmaal op Sondag,
- v in IX, X en XIV 'n Christelike seremoniële maal waar die agape en nagmaal nog 'n ongeskeie liturgie was. Hierdie laaste moontlikheid lewe altyd in die gedagtes van daardie geleerdes wat die Didaché baie vroeg wil dateer.

In die oorweging van bogenoemde vyf moontlikhede moet met die volgende feite rekening gehou word:

- i die volgorde van eers die beker en dan die brood in IX en X (sien hieroor ook kantaantekening 76);
- ii IX, 5 dui op die nagmaal, terwyl ἐμπλησθῆναι in die volgende sin (X, 1) 'n aanduiding mag wees van 'n volledige maal;
- iii daar is 'n sterk ooreenkoms tussen die ritueel wat in IX en X beskryf word met die agape, soos ons dit vind by Tertullianus en ander vroeë Christelike skrywers;
- iv terwyl die materiaal van die Didaché deurgaans noukeurig gerangskik is, moet 'n verklaring gevind word waarom daar in XIV weer by hoofstukke IX en X aangesluit word;
- v die gebrek aan enige verwysing na die Laaste Awondmaal;
- vi die gebrek aan enige verwysing na die liggaam en bloed van Christus en na die verlossingskrag van die Kruis; (In verband hiermee moet oorweeg word of die woorde ὑπὲρ τῆς ἁγίας ἀμπέλου Δαυεὶδ τοῦ παιδὸς σου (IX, 2) 'n verwysing is na die bloed van Christus en of ons iets hierin kan vind om die seremonie wat hier beskryf word in lyn te bring met die bekende nagmaalsformulier.)
- vii die uitroepe en uitnodiging aan die einde van X skep die indruk dat die nagmaal nog nie plaasgevind het nie;
- viii die onduidelikheid of die gebede in IX en X deur 'n voorganger voorgedra moet word, gesien in die lig van X, 7, waar die profete toegelaat moet word om te dank wat hulle wil. Hierteenoor is die normale betekenis van die woorde χειροτονήσατε οὖν ἐπισκόπους καὶ διακόνους gekies moet word om die bediening van die nagmaal in XIV waar te neem;
- ix in hoofstuk XIV kom die woord εὐχαριστῶ glad nie voor nie, terwyl dit herhaaldelik in IX en X gebruik word. Dit word in XIV met κλάσις ἄρτου vervang. Verder word daar vir die seremonie in IX en X geen spesifieke dag bepaal nie, terwyl Sondag spesifiek aangewys word in XIV;
- x in XIV word die κλάσις ἄρτου 'n θυσία genoem, terwyl daar in IX en X geen melding van 'n offer van enige aard gemaak word nie;
- xi op die oog af is daar 'n noue verwantskap tussen die vorm en inhoud van die gebede in die Didaché en Joodse seremoniële gebede.

In die Kiddush is daar 'n gebed oor die vrug van die wynstok en 'n dankbetuiging aan God omdat Hy brood uit die aarde laat voortkom. Dit herinner sterk aan IX, 3. Die gebed in IX, 4 vir die versameling van die kerk, kan weer in verband gebring word met die Joodse Amidah. Die Amidah is ook driemaal daaglik gesê en dit strook met VIII, 3. Die verdere poging van sommige geleerdes om in X 'n parallel te vind vir die Birkath Ha-Mazon lyk ietwat geforseerd. Verder kan opgemerk word dat die Joodse gebede 'n sekere mate van variasie toegelaat het, soos ook die geval is met X, 7. In die Kiddush was daar ook nie vasgestelde voorgangers nie. Gewoonlik het die hoof van die huis voorgestaan, maar enige gas van aansien kon sy plek inneem. Op grond van hierdie en dergelike ooreenkomste probeer sommige geleerdes dan om lig te werp op die Didaché en sê dat soos die Didaché vir Barnabas, Hermas, die Nuwe Testament en 'n verlore bron (vir Did. III, 1-6) gebruik, so gebruik dit Joodse gebede en volg die model van die rabbynse onderwysing²).

Toegee dat daar 'n ooreenkoms is tussen die Didaché en Joodse seremonies, kan ons nou 'n interessante vraag stel. Uit die geheel van die Didaché is dit duidelik dat die skrywer daarvan bekend was met 'n groot deel van die Nuwe Testament in geskrewe vorm of deur die mondelinge tradisie. Is dit dan waarskynlik dat hy met hierdie bron voor hom en moontlik ook ander apostoliese geskrifte, hom na rabbynse bronne sou wend om gebede vir die nagmaal en agape saam te stel? Is dit nie ook waarskynlik dat die nagmaal nie net op die Laaste Awondmaal berus nie, maar ook op wat Jesus dikwels tevore gedoen het, soos by die wondervoedings en moontlik ook by gewone maaltye saam met sy dissipels? Die Laaste Awondmaal kon die laaste in 'n reeks gewees het en Jesus kon die besondere betekenis daaraan geheg het met die oog op die naderende kruisiging. By die voorafgaande maaltye sou Hy die gebede van die gewone Joodse maaltye gebruik het en slegs die instellingswoorde by die laaste geleentheid toegevoeg het. Die dissipels het dan voortgegaan om hierdie gebede te gebruik en ons vind die neerslag daarvan in die Didaché. In hierdie gedagtelyn is daar dan geen plek vir 'n bewering dat die Christelike nagmaal mettertyd uit een van die Joodse feeste ontwikkel het en slegs 'n aanpassing daarvan is nie³).

Hierdie oorsig van die problematiek van die Didaché is nie die plek om "oplossings" aan die hand te doen nie, maar dit mag die gedagtes prikkel om kortliks te wys op Vokes se bevinding. Nadat hy noukeurig ondersoek gedoen het na die vorm van die agape soos dit in die kerkorde en kanons van Hippolitus en deur Tetullianus beskryf word, kom hy tot die gevolgtrekking dat die Didaché in IX en X oor die agape handel en in XIV oor die nagmaal. Hier word die feeste beskryf soos dit was in die tyd van die skrywer, terwyl hy dit so ver as moontlik in Nuwe Testamentiese taal inkleef. Met hierdie aanname word die meeste van die

2) R. D. Middleton: The Eucharistic Prayers of the Didaché, Journal of Theological Studies 36 (1935) p. 259-267, soos aangehaal deur F. E. Vokes: The Riddle of The Didaché, p. 185.

3) F. E. Vokes, a. w., p. 194.

bogenoemde probleme opgevang. Die verskeie sinne van IX, 5, X, 6, 7 val ook in lyn en XI, 9 verwys dan terug na die agape van hoofstukke IX en X. By die ondersoek van die agape het geblyk dat katkisanter nie toegelaat was om van die εὐλογία te eet nie en hier mag hulle ook nie aan die εὐχαριστία deelneem nie. Alleenlik die wat reeds gedoop is in die naam van die Here mag dit doen (IX, 5). Die uitroepe van X, 6 mag die begin wees van die liedere wat deur Tertullianus in sy Apologia genoem word of van die psalms in die kanons van Hippolitus. Die verwysing na die profete mag daaraan toegeskryf word dat die Montaniste 'n groter vryheid van spraak by die agape toegelaat het as wat Hippolitus wou doen.

Die identifisering van die nagmaal met 'n offer in hoofstuk XIV verg aandag. Die skrywer van die Didaché trek 'n groot deel van sy materiaal uit die Nuwe Testament, maar nêrens in die Nuwe Testament word die nagmaal 'n offer genoem nie. Die Christelike offer is die eenmalige offer van Christus aan die kruis. Nogtans kan die offergedagte redelikerwys uit die Nuwe Testament afgelei word. (sien kantaantekening 132).

5. Die ampte:

Die ernstige aard van Bigg se aantuiging dat die Didaché die "spoiled child" van kritici is, blyk duidelik wanneer daar gelet word op die belangrike rol wat aan die Didaché toegeskryf word in besprekings oor die geskiedenis van die kerkregering en ampte.

Volgens O. Linton⁴⁾ is daar in die tagtiger jare van die vorige eeu 'n mate van ooreenstemming bereik oor die ontwikkeling van die kerklike ampsbediening. Die opinie was dat die kerkregering ontstaan het uit die behoeftes van die vroegste plaaslike en selfstandige gemeentes. Toe die apostelamp verdwyn het, van die Twaalf en van ander, het dit die kerke sonder leiers gelaat. Onderlinge beheer binne die gemeentes het gelei tot 'n kollegiale regering deur 'n groep biskoppe of ouderlinge en diakens. Onderlinge struwelinge en vermeerderende finansiële en regtelike werk het die behoefte aan 'n monargale episkopaat laat ontstaan, wat in een of ander uitstaande persoonlikheid realiseer sou word en waarskynlik in sy opvolgers bestendig is. Verkiesing was die oorspronklike wyse om die ampte te vul, terwyl ordening 'n latere ontwikkeling is.

Vokes⁵⁾ beweer dat Harnack in sy werk oor die Didaché TEXTE UND UNTERSUCHUNGEN, 'n skeiding maak tussen die oorspronklike "charismatiese" ampte, wat ampsdraers van die hele kerk was, en biskoppe en diakens wat aan die plaaslike kerk gebonde was. Hy (Harnack) vind in die geestelike organisasie met sy profete, apostels en

4) O. Linton, Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung, hf. 1.

5) F. E. Vokes, a.w., p. 147.

leraars, 'n drievoudige ampsbediening van goddelike oorsprong. Hierdie geestelike organisasie het mettertyd verdwyn namate die geestelike vurigheid van die kerk afgeneem het. Hulle funksie is deur biskoppe en diakens oorgeneem. Ouderlinge en biskoppe was nie dieselfde mense nie, maar die biskoppe sou waarskynlik uit die ouderlinge gekies gewees het. Die monargale episkopaat het later uit hierdie kollegiale administratiewe sisteem ontwikkel toe die apostels verdwyn het. Vir die oorgangstadium vind ons dan, volgens Harnack, 'n duidelike bewys in die Didaché.

Dit is moontlik om verskeie toevoegings tot bogenoemde teorie te maak, bv. dat die administratiewe amptenare van die vroeë kerk oorspronklik net een klas was en eers later in regerende en dienende ampte verdeel is. Die Didaché, wat dieselfde kwalifikasies vir albei hierdie ampte vereis (XV, 1), kan as bewys aangevoer word. So kon ook 'n profeet wat hom in 'n plaaslike gemeente gevestig het (XIII) die eerste monargale biskop geword het.

Om aan te toon dat die posisie van die Didaché in hierdie besprekings nie sonder meer 'n uitgemaakte saak is nie, kan gewys word op die opmerking wat Vokes maak⁶⁾: "The greater number of such critics have built up upon the Didaché alone their imposing edifice of a history of the ministry. The only foundation they have for their formal system of a charismatic ministry is the Didaché and chance references in other writings. . . . If the Didaché does not come from some church outside what we know of the Catholic Church, then it does not fit into the pattern of early Christianity presented to us by other documents of fairly well-known authorship and origin."

6. Die getuienis van die Didaché m.b.t. die kerkregering en ampsbediening:

Aangesien dit 'n groot invloed uitgeoefen het op feitlik alle teorieë wat oor die ontwikkeling van die kerkregering en ampte handel, sal dit wenslik wees om hier 'n uiteensetting te gee van wat die Didaché in feite oor hierdie saak sê.

- i In IX, 1 staan die opdrag om dag en nag te dink aan hom wat die woord van die Here verkondig en om hom te eer soos die Here.
- ii Behalwe vir die debateerbare woorde $\chi\epsilon\lambda\omicron\tau\omicron\nu\eta\sigma\alpha\tau\epsilon\ \sigma\acute{\upsilon}\nu$ in XV, 1, word daar in VII, wat oor die doop handel, in XIV, met betrekking tot die $\kappa\lambda\acute{\alpha}\sigma\iota\varsigma\ \acute{\alpha}\rho\tau\omicron\upsilon$ op Sondag en in IX en X, 1-6, wat oor die $\epsilon\upsilon\chi\alpha\rho\lambda\iota\sigma\tau\acute{\iota}\alpha$ handel, nie van enige ampsdraers melding gemaak nie.
- iii In XV, 1-2 verneem ons van $\acute{\epsilon}\pi\acute{\iota}\sigma\kappa\omicron\pi\omicron\upsilon\ \kappa\alpha\iota\ \delta\iota\alpha\kappa\acute{\omicron}\nu\omicron\upsilon$: "Kies daarom vir julleself opsieners en diakens, waardig die Here, sagmoedige manne, nie geldgierig nie, waarheidliewend en beproefd. Want

6) F.E. Vokes, a.w., p. 156.

hulle bedien self ook aan julle die bediening van die profete en leraars. Moenie hulle minag nie, want hulle is julle geëerdes tesame met die profete en leraars." Die vernaamste probleem hier is die uitspraak dat die opsieners en diakens dieselfde λειτουργία as die profete en leraars waarneem.

- iv Hoofstukke X, 7, XI en XIII handel oor apostels, profete en leraars. Dit is duidelik dat die apostels van XI, 3-6 nie op die Twaalf betrekking het nie. (Inderwaarheid is die enigste aanduibare verwysing na die Twaalf Apostels in die titel van die Didaché te vind.) Die apostel, in die Didaché, moet soos die Here ontvang word. Hy mag nie langer as twee dae in enige plek bly nie, anders is hy 'n valse profeet. As hy geld vra, is hy 'n valse profeet. Wanneer hy vertrek, mag hy net genoeg kos met hom saamneem om in sy behoefte te voorsien tot waar hy weer oornag. Dit is al wat oor die apostel gesê word. Hy is 'n vae figuur in die agtergrond. Die eintlike voorwerp van die skrywer se belangstelling is die profeet.
- v Die profeet mag afwyk van die voorgeskrewe gebede in IX en X en word toegelaat εὐχαριστεῖν ὅσα θέλει. Om 'n profeet wat in die Gees spreek, te versoek of te betwyfel, is 'n sonde: wat nie vergewe sal word nie. Nogtans moet die profeet aan die lewenswyse van die Here getoets word. Indien 'n profeet in die Gees spreek en 'n maaltyd beveel, mag hy nie self daarvan eet nie. Indien hy dit wel doen, is hy 'n valse profeet. 'n Profeet se leer en lewe moet ooreenstem. In sommige gevalle mag hy wel handel εἰς μυστήριον κοσμικὸν ἐκκλησίας. Maar hierin mag hy nie nagevolg word nie en hy mag ander mense nie leer om dit te doen nie. Die oordeel van hierdie handeling van hom berus by God. Verder mag 'n profeet nie geld vra nie, maar hy mag wel vra dat dit aan ander behoeftiges gegee word. In XIII staan dat, as 'n profeet hom in 'n gemeente wil vestig, hy sy onderhoud werd is. Daarom, sê die Didaché, moet die eerste opbrings van die oes aan die profete afgestaan word, "want hulle is julle hoëpriesters". As die gemeente geen profeet het nie, moet hierdie gewes aan die armes gegee word. Hiervolgens is dit duidelik dat die Didaché se werklike belangstelling by die profeet lê. Selfs hoofstuk XII, wat 'n toevoeging is in die verhandeling oor profete, handel oor rondreisende Christene wat moontlik mag besluit om hulle in 'n gemeente te vestig. Die apostels moes voortdurend van plek tot plek beweeg, maar die leraar en profeet kon wel by 'n gemeente aansluit. Dit lyk dus redelik om te aanvaar dat XII ook op profete betrekking het.
- vi Soos die geval is met apostels, maak die Didaché net terloops melding van die leraar. Hy word in hoofstukke XIII, 2 en XV, 1-2 genoem. In die eerste geval word gesê: "Netso is die ware leraar self ook soos die arbeider, sy onderhoud werd." In die tweede geval word die λειτουργία van die profete en leraars genoem en gesê dat hulle geëerdes in die Kerk is.

vii Hoewel die drie ampte, apostel, profeet en leraar in die Didaché voorkom, word hulle nooit gelyk genoem nie. XI, 3 noem apostels en profete en XV, 1-2 noem profete en leraars.

Dit is dan die getuienis wat die Didaché lewer vir die teorie wat die drie "geestelike" ampte van die opsieners- en diakensamp wil skei en e. g. wil sien as ampsdraers van die hele kerk, toegerus met besondere geestelike gawes en daarom 'n "charismatiese ministerie" genoem word.

7. Evaluering in kerkhistoriese sin:

Die Didaché is moontlik nie 'n volledige weergawe van die Christelike kerk in die algemeen in die eerste of tweede eeu nie. Die getuienis daarvan mag egter nie geïgnoreer word nie. Weens die gebrek aan beslissende inligting vir die rekonstruksie van die vroeë kerk, bly dit van die allergrootste belang. Die kerkhistoriese waarde daarvan word grootliks bepaal deur die datering van die geskrif. Nogtans moet ons onself nie bind aan die siening dat niks waardevol of nie van Gods weë is as dit nie reg aan die begin terug gevind kan word nie. Dit is nie soseer die besonderhede van die kerklike sisteem wat van belang is nie, as die beginsels van die kerklike lewe wat daardie besonderhede ten grondslag lê. Die verskillende sisteme wat uit die vroegste Christendom ontwikkel het, is hoofsaaklik van belang met betrekking tot die vraag of dit die essensiële feite van die kerklike lewe gehandhaaf het of gefaal het om die kontinuïteit daarvan te bestendig. Die Didaché, as een van die vroegste dokumente na die kanonieke geskrifte, is sekerlik 'n poging om die lewe en denke van die Nuwe Testament te bestendig. Dit mag ons egter nie daartoe bring om die Nuwe Testament in die lig van die Didaché te beoordeel nie. Eerder moet ons die waarde van die Didaché in die lig van die Nuwe Testament probeer bepaal.

- - - o o O o o - - -

ΔΙΔΑΧΗ ΤΩΝ ΑΠΟΣΤΟΛΩΝ.

ΔΙΔΑΧΗ Κυρίου διὰ τῶν δώδεκα ἀποστόλων τοῖς ἔθνεσιν.

1. Ὅδοι δύο εἰσί, μία τῆς ζωῆς καὶ μία τοῦ θανάτου, διαφορὰ δὲ πολλή μεταξὺ τῶν δύο ὁδῶν. 2. Ἡ μὲν οὖν ὁδὸς τῆς ζωῆς ἐστὶν αὕτη· πρῶτον, ἀγαπήσεις τὸν Θεόν τὸν ποιήσαντά σε· δεύτερον, τὸν πλησίον σου ὡς σεαυτὸν· πάντα δὲ ὅσα ἐὰν θελήσῃς μὴ γίνεσθαι σοι, καὶ σὺ ἄλλῳ μὴ ποίει. 3. τούτων δὲ τῶν λόγων ἡ διδαχὴ ἐστὶν αὕτη· Εὐλογεῖτε τοὺς καταρωμένους ὑμῖν καὶ προσεύχεσθε ὑπὲρ τῶν ἐχθρῶν ὑμῶν, νηστεύετε δὲ ὑπὲρ τῶν διωκόντων ὑμᾶς. ποία γὰρ χάρις, ἐὰν ἀγαπάτε τοὺς ἀγαπῶντας ὑμᾶς; οὐχὶ καὶ τὰ ἔθνη τὸ αὐτὸ ποιοῦσιν; ὑμεῖς δὲ ἀγαπάτε τοὺς μισοῦντας ὑμᾶς καὶ οὐχ ἔχετε ἐχθρόν. 4. ἀπέχου τῶν σαρκικῶν καὶ σωματικῶν ἐπιθυμιῶν. ἐὰν τις σοι δῶ βλάβη εἰς τὴν δεξιὰν σιαγόνα, στρέψον αὐτῷ καὶ τὴν ἄλλην, καὶ ἔσῃ τέλειος· ἐὰν ἀγγαρεύσῃ σέ τις μίλιον ἔν, ῥπαγε μετ' αὐτοῦ δόλο· ἐὰν ἄρῃ τις τὸ ἱμάτιόν σου, δός αὐτῷ καὶ τὸν χιτῶνα· ἐὰν λάβῃ τις ἀπὸ σου τὸ σῦν, μὴ ἀπαίτει οὐδὲ γὰρ δύνασαι. 5. παντὶ τῷ αἰτοῦντί σε δίδου καὶ μὴ ἀπαίτει· πᾶσι γὰρ θέλει δίδεσθαι ὁ πατήρ ἐκ τῶν ἰδίων χαρισμάτων. μακάριος ὁ διδούς κατὰ τὴν ἐντολήν· ἀθῶος γὰρ ἐστίν. οὐαὶ τῷ λαμβάνοντι· εἰ μὲν γὰρ χρεῖαν ἔχων λαμβάνει τις, ἀθῶος ἔσται· ὁ δὲ μὴ χρεῖαν ἔχων δώσει δίκην, ἵνα τί ἔλαβε καὶ εἰς τί· ἐν συνοχῇ δὲ γενόμενος ἐξετασθήσεται περὶ ὧν ἔπραξε καὶ οὐκ ἐξελεύσεται ἐκεῖθεν, μέχρι οὗ ἀποδώ τὸν ἕσχατον κοδράντην. 6. ἀλλὰ καὶ περὶ

Jer. xxi. 8.

S. Matt.

xxii. 37, 39.

L. ev. xix.

18.

Tobit iv.

15.

S. Matt. v.

44, 46.

S. Luke

vi. 27, 28,

32, 33, 35.

S. Matt.

v. 39—42.

S. Luke

vi. 29, 30.

S. Matt.

v. 26.

DIE ONDERWYSING VAN
DIE TWAALF APOSTELS¹

Onderwysing van die Here deur die twaalf apostels aan die heidene²

HOOFSTUK 1

1. Daar is twee weë;³ een van die lewe en een van die dood. Maar daar is 'n groot verskil tussen die twee weë. 2. Enersyds is *die weg van die lewe* dan dit: *eerstens moet jy God wat jou gemaak het liefhê*; tweedens, *jou naaste soos jouself*.⁴ Alles wat jy ook al wil hê om nie met jou te gebeur nie, moet jy ook nie aan 'n ander doen nie.⁵ 3. Die les van hierdie woorde is dit:⁶ *seën die wat vir julle vervloek, bid vir julle vyande⁷ en vas vir hulle wat vir julle vervolg*.⁸ Want *watter dank is daar as julle dié liefhet wat vir julle liefhet?*⁹ *Doen selfs die heidene nie dit nie?*¹⁰ Maar julle, julle moet dié liefhê wat vir julle haat¹¹ en julle sal geen vyand hê nie.¹² 4. Onthou julle van vleeslike en liggaamlike begeertes.¹³ *As iemand vir jou 'n hou op die regterwang gee, draai ook die ander (wang) na hom*¹⁴ en jy sal volmaak wees.¹⁵ *As iemand een myl van jou afdwing, gaan twee met hom saam*;¹⁶ *as iemand jou bokleed neem, gee hom ook die onderkleed*;¹⁷ *as iemand van jou wegneem wat joune is, moet jy dit nie terugvra nie*,¹⁸ want jy sal nie in staat wees nie.¹⁹ 5. *Gee aan elkeen wat jou vra en moenie terugvra nie*, want die Vader wil hê, dat van sy genadegawes aan almal meegedeel word. Salig is hy wat gee volgens die gebod, want hy is sonder skuld. Wee hom wat neem. As iemand egter neem omdat hy 'n behoefte het, sal hy sonder skuld wees. Maar hy wat nie 'n behoefte het nie, sal verantwoording doen waarom en tot waartoe hy geneem het. Terwyl hy in gevangenis gehou word, sal hy ondervra word oor wat hy gedoen het. *Hy sal daar nie uitkom totdat hy die laaste sent betaal het nie*.²⁰ 6. Aangaande dit

7 τούτου δὲ εἴρηται· Ἰαρωτάτω ἡ ἑλεημοσύνη σοῦ εἰς τὰς χεῖρας σοῦ, μέχρις ἂν γνῶς τίτι δῶς.

Ex. xx.
13—17.

II. Δευτέρα δὲ ἐντολὴ τῆς διδαχῆς· 2. Οὐ φονεῖς, οὐ μοιχεύεις, οὐ παιδοφθορῆσεις, οὐ πορνεύσεις, οὐ κλέψεις, οὐ μαγεύσεις, οὐ φαρμακεύσεις, οὐ φονεύσεις τέκνον ἐν φθορᾷ οὐδὲ γεννηθέντα ἀποκτενεῖς, οὐκ ἐπιθιμήσεις τὰ τοῦ πλησίον, 3. οὐκ ἐπιρκήσεις, οὐ ψευδομαρτυρήσεις, οὐ κακολογήσεις, οὐ μνησικακήσεις· 4. οὐκ ἔση διγνώμων οὐδὲ διγλωσσος· παγίς γὰρ θανάτου ἡ διγλωσσία. 5. οὐκ ἔσται ὁ λόγος σου ψευδής, οὐ κενός, ἀλλὰ μεμεστωμένος πράξει. 6. οὐκ ἔση πλεονέκτης οὐδὲ ἄρπαξ οὐδὲ ὑποκριτής οὐδὲ κακοήθης οὐδὲ ὑπερήφανος. οὐ λήψῃ βουλήν πονηρὰν κατὰ τοῦ πλησίον σου. 7. οὐ μισήσεις πάντα ἄνθρωπον, ἀλλὰ οἷς μὲν ἐλέγξεις, περὶ δὲ ὧν προσεύξῃ, οἷς δὲ ἀγαπήσεις ὑπὲρ τὴν ψυχὴν σου.

S. Matt.
v. 33.

Lev. xix.
17, 18.
Jude 21.

III. Τέκνον μου, φεύγε ἀπὸ παντὸς πονηροῦ καὶ ἀπὸ παντὸς ὁμοίου αὐτοῦ. 2. μὴ γίνου ὀργίλος· ὀδηγεῖ γὰρ ἡ ὀργὴ πρὸς τὸν φόνον· μηδὲ ζηλωτὴς μηδὲ ἐριστικός μηδὲ θυμικός· ἐκ γὰρ τούτων ἀπάντων φόνοι γεννῶνται. 3. τέκνον μου, μὴ γίνου ἐπιθυμητής· ὀδηγεῖ γὰρ ἡ ἐπιθυμία πρὸς τὴν πορνείαν· μηδὲ αἰσχρολόγος μηδὲ ὑψηλόφθαλμος· ἐκ γὰρ τούτων ἀπάντων μοιχεῖαι γεννῶνται. 4. τέκνον μου, μὴ γίνογ οἰωνοσκόπος· ἐπειδὴ ὀδηγεῖ εἰς τὴν εἰδωλολατρίαν· μηδὲ ἐπαιδὸς μηδὲ μαθηματικός μηδὲ περικαθαίρων μηδὲ θέλε αὐτὰ βλέπειν· ἐκ γὰρ τούτων ἀπάντων εἰδωλολατρία γεννᾶται. 5. τέκνον μου, μὴ γίνου ψεύστης· ἐπειδὴ ὀδηγεῖ τὸ ψεῦσμα εἰς τὴν κλοπὴν· μηδὲ φιλάργυρος μηδὲ κενόδοξος· ἐκ γὰρ τούτων ἀπάντων κλοπαὶ γεννῶνται. 6. τέκνον μου, μὴ γίνου γόγγυσος· ἐπειδὴ ὀδηγεῖ εἰς τὴν βλασφημίαν· μηδὲ αὐθάδης μηδὲ πονηρόφρων· ἐκ γὰρ τούτων ἀπάντων βλασφημίαι γεννῶνται. 7. ἴσθι δὲ πραῦτα· ἐπεὶ οἱ πραεῖς κληρονομήσοις τὴν γῆν. 8. γίνου μακρόθυμος καὶ ἐλεήμων καὶ

I. ev. xix.
26.

S. Matt.
v. 5.

Is. lxi. 2.

iii. 2 ὀργίλος] conj. Bryennios; ὀργίλος MS.
Bryennios; γενῶνται MS.

3 γενῶνται] conj.

is daar egter ook gesê: laat jou gawe in jou hande sweet totdat jy weet aan wie jy moet gee.²¹

HOOFSTUK II

1. Andersyds is 'n tweede opdrag van die onderwysing soos volg:²² 2. *Jy mag nie moordpleeg nie; jy mag nie egbreek nie; jy mag nie met seuns omgang hê nie; jy mag nie ontug pleeg nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie towery bedryf nie; jy mag geen toormiddel gebruik nie; jy mag nie 'n kind deur aborsie vermoor nie, ook nie die pasgeborene doodmaak nie; jy mag nie die besittings van jou medemens begeer nie.* 3. *Jy mag nie meineed pleeg nie; jy mag nie vals getuig nie, jy mag nie kwaadsprek nie; jy mag nie griewe koester nie.*²³ 4. *Jy mag nie dubbelhartig wees nie en nie met twee monde spreek nie, want dubbeltongigheid is 'n strik van die dood.* 5. *Jou woord mag nie vals of leeg wees nie, maar vervul met daad.*²⁴ 6. *Jy mag nie inhelig of hebsugtig of skynheilig of haatdraend of trots wees nie. Jy mag nie 'n bose plan teen jou medemens beraam nie.* 7. *Jy mag geen mens haat nie, maar sommige moet jy tereg wys, vir sommige bid en sommige moet jy meer liefhê as jou lewe.*²⁵

HOOFSTUK III

1. My kind,²⁶ vermy elke kwaad en alles wat daarna lyk²⁷. 2. Moenie kwaad word nie, want toorn lei tot moord;²⁸ nie jaloers nie,²⁹
nie twissiek nie,
nie opvlieënd nie,
want uit al hierdie dinge ontstaan moord.

3. My kind, moenie wellustig wees nie, want wellus lei tot ontug;
nie vulgêr nie,
nie 'n afloerder nie,
want uit al hierdie dinge ontstaan owerspel.

4. My kind, moenie 'n voëlwiggelaar wees nie, want dit lei tot afgodery;
nie 'n bekoorder nie,
nie 'n sterrewiggelaar nie,
nie 'n besweerder nie,
nie geneë om hierdie dinge te sien nie,
want uit al hierdie dinge ontstaan afgodediens.

5. My kind, moenie 'n leuenaar wees nie, aangesien die leuen tot diefstal lei;
nie geldgierig nie,
nie praatsiek nie,
want uit al hierdie dinge word diefstalle gebore.

6. My kind, moenie 'n murmureerder wees nie, want dit lei tot laster;
nie eiesinnig nie,
nie kwaaddenkend nie,
want uit al hierdie dinge kom lasteringe voort.

7. Maar wees sagmoedig, want *die sagmoediges sal die aarde beërwe.*³⁰

8. Wees lankmoedig en barmhartig en medelydend en opreg en rustig³¹ en goed en

παντός, οὐς ἤκουσας. 9. οὐχ ὑψώσεις σεαυτὸν οὐδὲ δώσεις τῇ ψυχῇ σου θράσος. οὐ κολληθήσεται ἡ ψυχὴ σου μετὰ ὑψηλῶν, ἀλλὰ μετὰ δικαίων καὶ ταπεινῶν ἀναστραφήσῃ. 10. τὰ συμβαίνοντά σοι ἐνεργήματα ὡς ἀγαθὰ προσδέξῃ, εἰδὼς ὅτι ἄτερ Θεοῦ οὐδὲν γίνεται.

IV. Τέκνον μου, τοῦ λαλοῦντός σοι τὸν λόγον τοῦ Θεοῦ Heb. xiii. μνησθήσῃ νυκτὸς καὶ ἡμέρας· τιμήσεις δὲ αὐτὸν ὡς Κύριον.⁷ ὅθεν γὰρ ἡ κυριότης λαλεῖται, ἐκεῖ Κύριός ἐστιν. 2. ἐκζητήσεις δὲ καθ' ἡμέραν τὰ πρόσωπα τῶν ἀγίων, ἵνα ἐπαναπαῖς τοῖς λόγοις αὐτῶν. 3. οὐ ποιήσεις σχίσμα, εἰρηνεύσεις δὲ μαχομένους. κρινεῖς δικαίως, οὐ λήψῃ πρόσωπον ἐλέγξει ἐπὶ παραπτώμασιν. 4. οὐ διψυχήσεις, πότερον ἔσται ἢ οὐ. 5. μὴ γίνογ πρόσ μὲν τό λαβεῖν ἐκτείνων τὰς χεῖρας, πρόσ δὲ Ecclus. iv. τό δοῦναι σπασπῶν· 6. ἐὰν ἔχῃς διὰ τῶν χειρῶν σου, δώσεις³¹ λύτρωσιν ἀμαρτιῶν σου. 7. οὐ διατάσεις δοῦναι οὐδὲ διδούς γογγύσεις· γνώσῃ γὰρ τίς ἐστιν ὁ τοῦ μισθοῦ καλὸς ἀνταποδότης. 8. οὐκ ἀποστραφήσῃ τὸν ἐνδεόμενον, συγκοινωνήσεις δὲ πάντα τῷ ἀδελφῷ σου καὶ οὐκ ἐρεῖς ἴδια εἶναι· εἰ γὰρ ἐν Acts iv. τῷ ἀθανάτῳ κοινωνοὶ ἐστε, πόσῳ μᾶλλον ἐν τοῖς θνητοῖς;³² 9. οὐκ ἀρεῖς τὴν χεῖρά σου ἀπὸ τοῦ υἱοῦ σου ἢ ἀπὸ τῆς θυγατρὸς σου, ἀλλὰ ἀπὸ νεότητος διδάξεις τὸν φόβον τοῦ Θεοῦ. 10. οὐκ ἐπιτάξεις δούλῳ σου ἢ παιδίσκῃ, τοῖς ἐπὶ τὸν αὐτὸν Θεὸν ἐλπίζουσιν, ἐν πικρίᾳ σου, μήποτε οὐ μὴ φοβηθήσονται τὸν ἐπ' ἀμφοτέροις Θεόν· οὐ γὰρ ἔρχεται κατὰ πρόσωπον καλέσαι, ἀλλ' ἐφ' οὓς τὸ πνεῦμα ἠτοίμασεν. 11. ὑμεῖς δὲ οἱ δούλοι ὑποταγήσεσθε τοῖς κυρίοις ὑμῶν ὡς τύπῳ Θεοῦ ἐν αἰσχύνη καὶ φόβῳ. 12. μισήσεις πᾶσαν ὑπόκρισιν καὶ πᾶν ὃ μὴ ἀρεστὸν τῷ Κυρίῳ. 13. οὐ μὴ ἐγκαταλίπῃς ἐντολὰς Κυρίου, φυλάξεις δὲ ἅ παρέλαβες, μήτε προστιθεῖς μήτε ἀφαιρῶν. 14. ἐν ἐκκλησίᾳ ἐξομολογήσῃ τὰ παραπτώματά σου, καὶ οὐ προσελεύσῃ ἐπὶ προσευχῇ σου ἐν συνειδήσει πονηρᾷ. αὕτη ἐστὶν ἡ ὁδὸς τῆς ζωῆς.

iv. 3 ποιήσεις] conj. Hilgenfeld; ποθήσεις MS.
ἢ MS. 41 ὑμῶν] conj. Bryennios; ἡμῶν MS.

7 ὁ] conj. Bryennios;

altyd bewend vir die woorde wat jy gehoor het.³² 9. Moenie jouself ver= hoog³³ of vermetelheid in jou toelaat nie. Jou hart moenie aan hoë dinge ver= knog wees nie, maar wandel met regverdiges en nederiges³⁴. 10. Die dinge wat jou oorkom, moet jy as goeie bestieringe aanvaar, omdat jy weet dat sonder God niks gebeur nie.³⁵

HOOFSTUK IV

1. My kind, *dink* dag en nag *aan hom wat die woord van God aan jou verkondig*³⁶ en eer hom soos die Here, want van welke oord sy heerskappy ook al verkondig word – daar is die Here.³⁷ 2. Daagliks moet jy die teenwoordigheid van die heiliges opsoek, sodat jy verkwik kan word deur hulle woorde. 3. Moenie skeuring veroorsaak nie,³⁸ maar versoen strydendes. Oordeel regverdig. Om oor oortredinge te oordeel, mag jy nie partydig wees nie.³⁹ 4. Jy moenie twyfel of dit moet wees of nie.⁴⁰ 5. Moenie een wees wat vir ontvangs die hande uitsteek, maar hulle toemaak wanneer dit by gee kom nie. 6. As jy iets besit, moet jy 'n losprys gee vir jou sonde. 7. Moenie huiwer om te gee nie of murmureer as jy gee nie,⁴¹ want jy moet weet wie die goeie Vergelder van jou loon is.⁴² 8. Jy moet die behoeftige nie versmaai nie, maar deel alles met jou broer en moenie sê dat dit jou eie is nie.⁴³ As julle deelgenote is in die onsterflike, hoeveel te meer in die dinge wat vergaan?⁴⁴ 9. Jy moet jou hand nie terugtrek van jou seun of van jou dogter nie, maar hulle van jongs af onderrig in die vrees van die Here.⁴⁵ 10. Moenie jou dienskneg of jou diensmeisie, wat op dieselfde God vertrou, in jou bitterheid beveel nie, sodat hulle nie ophou om God te vrees wat oor julle beide is nie. Want Hy kom nie om met inagneming van die persoon te roep nie, maar hulle wat deur die Gees voorberei is.⁴⁶ 11. En julle, diensknegte, julle moet in eerbiedigheid en vrees aan julle here onder= danig wees, soos aan 'n ewebeeld van God. 12. Jy moet alle skynheiligheid haat en elke ding wat nie vir die Here welgevallig is nie. 13. Nooit mag jy die gebooie van die Here nalaat nie, maar bewaar dit wat jy ontvang het sonder om daaraan toe te voeg of daarvan weg te neem.⁴⁷ 14. In die gemeen= te moet jy jou oortredinge bely⁴⁸ en nie tot jou gebed nader met 'n skul= dige gewete nie. Dit is die weg van die lewe.

V. Ἡ δὲ τοῦ θανάτου ὁδὸς ἐστὶν αὕτη· πρῶτον πάντων πονηρὰ ἐστὶ καὶ κατάρως μεστή· φόνοι, μοιχεῖαι, ἐπιθυμίαι, πορνείαι, κλοπαί, εἰδωλολατρῖαι, μαγεῖαι, φαρμακίαι, ἀρπαγαί, ψευδομαρτυρίαι, ὑποκρίσεις, διπλοκαρδία, δόλος, ὑπερηφανία, κακία, αὐθάδεια, πλεονεξία, αἰσχρολογία, ζηλοτυπία, θρασύτης, ὕψος, ἀλαζονεία· 2. διώκται ἀγαθῶν, μισοῦντες ἀλήθειαν, ἀγαπῶντες ψεῦδος, οὐ γινώσκοντες μισθὸν δικαιοσύνης, οὐ κολλῶμενοι ἀγαθῶ οὐδὲ κρίσει δικαίᾳ, ἀγρυπνοῦντες οὐκ εἰς τὸ ἀγαθόν, ἀλλ' εἰς τὸ πονηρόν· ὧν μακρὰν πρᾶπτης καὶ ὑπομονή, μάταια ἀγαπῶντες, διώκοντες ἀνταπόδομα, οὐκ ἐλεοῦντες πτωχόν, οὐ πονοῦντες ἐπὶ καταπονουμένῳ, οὐ γινώσκοντες τὸν ποιήσαντα αὐτοῦς, φονεῖς τέκνων, φθορεῖς πλάσματος Θεοῦ, ἀποστρεφόμενοι τὸν ἐνδεόμενον, καταπονοῦντες τὸν θλιβόμενον, πλουσίων παράκλητοι, πενήτων ἄνομοι κριταί, πανθαμάρτητοι· ῥυσθείητε, τέκνα, ἀπὸ τούτων ἀπάντων.

VI. Ὅρα μὴ τις σε πλανήσῃ ἀπὸ ταύτης τῆς ὁδοῦ τῆς διδαχῆς, ἐπεὶ παρεκτός Θεοῦ σε διδάσκει. 2. εἰ μὲν γὰρ δύνασαι βαστάσαι ὅλον τὸν ζυγὸν τοῦ Κυρίου, τέλειος ἔσῃ· εἰ δ' οὐ δύνασαι, ἂ δύνῃ τοῦτο ποίει.

3. Περὶ δὲ τῆς βρώσεως, ἂ δύνασαι βάστασον· ἀπὸ δὲ τοῦ εἰδωλοθύτου λίαν πρόσεχε· λατρεία γὰρ ἐστὶν θεῶν νεκρῶν.

VII. Περὶ δὲ τοῦ βαπτίσματος, οὕτω βαπτίσατε· ταῦτα πάντα προειπόντες βαπτίσατε εἰς τὸ ὄνομα τοῦ Πατρὸς καὶ τοῦ Υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου Πνεύματος ἐν ὕδατι ζῶντι. 2. εἰ μὲν δὲ μὴ ἔχῃς ὕδωρ ζῶν, εἰς ἄλλο ὕδωρ βάπτισον· εἰ δ' οὐ δύνασαι ἐν ψυχρῷ, ἐν θερμῷ. 3. εἰ μὲν δὲ ἀμφοτέρω μὴ ἔχῃς, ἔκχεον εἰς τὴν κεφαλὴν τρεῖς ὕδωρ εἰς ὄνομα Πατρὸς καὶ Υἱοῦ καὶ ἁγίου Πνεύματος. 4. πρὸ δὲ τοῦ βαπτίσματος προηστυεσάτω ὁ βαπτίζων καὶ ὁ βαπτιζόμενος καὶ εἴ τινας ἄλλοι δύνανται. κελεύεις δὲ νηστεύσαι τὸν βαπτιζόμενον πρὸ μιᾶς ἢ δύο.

VIII. Λί δὲ νηστεῖται ὑμῶν μὴ ἔστωσαν μετὰ τῶν ὑπο-

HOOFSTUK V

Maar die weg van die dood is dit: eerste van alles is dit boos en vol vervloeking, moorde, egbreuke, begeertes, ontugtige daade, diefstalle, afgoderye, towerye, duiwelskunste, rowerye, valse getuienisse, skynheilighede, dubbelhartigheid, misleiding, trots, kwaadwilligheid, selfaanmatiging, inhaligheid, vuil taal, jaloersheid, onbeskaamdheid, hoogmoedigheid en grootpraterij.⁴⁹ 2. (Dit is die weg van die)vervolgers van goeie mense; hulle haat die waarheid, het 'n leuen lief, ken nie die loon van geregtigheid nie,⁵⁰ hang die goeie nie aan nie,⁵¹ ook nie regverdige oordeel nie. Hulle kyk nie uit vir die goeie nie, maar vir wat sleg is. Mense van wie sagmoedigheid en lankmoedigheid ver weg is. Hulle het ydelheid lief, soek vergelding, het geen meegevoel met 'n arme nie en vermoei hulle nie oor die vermoeide nie. Hulle ken hulle Maker nie, is moordenaars van kinders en verderwers van die beeld van God. Hulle wend hulle af van die behoeftige, beswaar die verdrukke en beveel die rykes aan. Hulle is onregverdige regters van armes en deurtrapte sondaars. My kinders, mag julle van al hierdie dinge bewaar word!

HOOFSTUK VI

1. Pas op dat niemand jou laat afdwaal⁵² van die weg van die onderwysing⁵³ nie, want hy onderrig jou buite God om. 2. As jy in staat is om die hele juk van die Here te dra, sal jy volmaak wees.⁵⁴ As jy egter nie in staat is nie – doen dit wat jy kan. 3. Aangaande voedsel moet jy verdra wat jy kan, maar onthou jou pynlik van wat aan afgode geoffer is, want dit is verering van dooie gode.⁵⁵

HOOFSTUK VII

1. Wat die doop betref,⁵⁶ moet julle so doop:⁵⁷ nadat julle al hierdie dinge vooraf gesê het,⁵⁸ moet julle *in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees* doop⁵⁹ in lopende water.⁶⁰ 2. As jy nie lopende water het nie, doop dan in ander water en as jy nie in koue water kan doop nie, dan in warm water.⁶¹ 3. As jy beide nie het nie,⁶² giet dan driekeer water op die hoof in (die) naam van (die) Vader en Seun en Heilige Gees. 4. Voor die doop moet hy wat doop en hy wat gedoop word, vas, asook sommige ander as hulle in staat is.⁶³ Maar jy beveel hom wat gedoop word om vooraf een of twee dae te vas.⁶⁴

HOOFSTUK VIII

1. Julle vaste⁶⁵ moenie met die van die geveinsdes⁶⁶ saamval nie.

κριτῶν· νηστεύουσι γὰρ δευτέρα σαββάτων καὶ πέμπτη·
 ὑμεῖς δὲ νηστεύσατε τετράδα καὶ παρασκευήν. 2. μηδὲ προσ-
 εύχεσθε ὡς οἱ ὑποκριταί, ἀλλ' ὡς ἐκέλευσεν ὁ Κύριος ἐν τῷ S. Matt.
 εὐαγγελίῳ αὐτοῦ, οὔτως προσεύχεσθε· Πάτερ ἡμῶν ὁ ἐν τῷ vi. 16.
 οὐρανῷ, ἁγιασθήτω τὸ ὄνομά σου, ἐλθέτω ἡ βασιλεία σου, γενη- S. Matt.
 θήτω τὸ θέλημά σου ὡς ἐν οὐρανῷ καὶ ἐπὶ γῆς· τὸν ἄρτον vi. 9—13.
 ἡμῶν τὸν ἐπιούσιον δός ἡμῖν σήμερον, καὶ ἄφεσ ἡμῖν τὴν S. Luke
 ὀφειλήν ἡμῶν ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφίεμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν, xi. 2—4.
 καὶ μὴ εἰσενέγκῃς ἡμᾶς εἰς πειρασμόν, ἀλλὰ ῥῖσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ
 πονηροῦ· ὅτι σου ἐστὶν ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας.

3. τρεῖς τῆς ἡμέρας οὕτω προσεύχεσθε.

IX. Περὶ δὲ τῆς εὐχαριστίας, οὕτω εὐχαριστήσατε·
 2. πρῶτον περὶ τοῦ ποτηρίου· Εὐχαριστοῦμέν σοι, Πάτερ
 ἡμῶν, ὑπὲρ τῆς ἁγίας ἀμπέλου Δαυεὶδ τοῦ παιδός σου, ἧς
 ἐγνώρισας ἡμῖν διὰ Ἰησοῦ τοῦ παιδός σου· σοὶ ἡ δόξα εἰς
 τοὺς αἰῶνας. 3. περὶ δὲ τοῦ κλάσματος· Εὐχαριστοῦμέν
 σοι, Πάτερ ἡμῶν, ὑπὲρ τῆς ζωῆς καὶ γνώσεως, ἧς ἐγνώρισας
 ἡμῖν διὰ Ἰησοῦ τοῦ παιδός σου· σοὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας.
 4. ὡσπερ ἦν τοῦτο τὸ κλάσμα διεσκορπισμένον ἐπάνω τῶν
 ὀρέων καὶ συναχθὲν ἐγένετο ἓν, οὕτω συναχθήτω σου ἡ
 ἐκκλησία ἀπὸ τῶν περάτων τῆς γῆς εἰς τὴν σὴν βασιλείαν·
 ὅτι σου ἐστὶν ἡ δόξα καὶ ἡ δύναμις διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ εἰς
 τοὺς αἰῶνας. 5. μηδεὶς δὲ φαγέτω μηδὲ πιέτω ἀπὸ τῆς
 εὐχαριστίας ὑμῶν, ἀλλ' οἱ βαπτισθέντες εἰς ὄνομα Κυρίου.
 καὶ γὰρ περὶ τούτου εἶρηκεν ὁ Κύριος· Μὴ δῶτε τὸ ἄγιον S. Matt.
 τοῖς κγσί. vii. 6.

X. Μετὰ δὲ τὸ ἐμπλησθῆναι οὕτως εὐχαριστήσατε·
 2. Εὐχαριστοῦμέν σοι, Πάτερ ἅγιε, ὑπὲρ τοῦ ἁγίου ὀνόματός
 σου, οὗ κατεσκήνωσας ἐν ταῖς καρδίαις ἡμῶν, καὶ ὑπὲρ τῆς
 γνώσεως καὶ πίστεως καὶ ἀθανασίας, ἧς ἐγνώρισας ἡμῖν διὰ
 Ἰησοῦ τοῦ παιδός σου· σοὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας. 3. σύ,
 δέσποτα παντοκράτωρ, ἔκτισας τὰ πάντα ἕνεκεν τοῦ ὀνόμα-

viii. 2 γενηθήτω] conj. Bryennios; γεννηθήτω MS. ix. 4 τὸ] insert
 Gebhardt after τούτου. x. 2 ἡμῶν] conj. Bryennios; ὑμῶν MS.

Hulle vas op die tweede en vyfde dag van die week.⁶⁷ Julle moet op die vierde dag vas en op (die dag van) voorbereiding.⁶⁸ 2. Julle moet ook nie soos die geveinsdes bid nie, maar soos die Here in sy Evangelie beveel het.

So moet julle bid:

Ons Vader wat in die hemel is,⁶⁹
 laat u Naam geheilig word,
 laat u koninkryk kom,
 laat u wil geskied op die aarde
 soos in die hemel.
 Gee ons vandag ons daaglikse brood,
 en vergeef ons ons skuld⁷⁰
 soos ons ook ons skuldenaars vergewe;⁷¹
 en lei ons nie in versoeking nie,
 maar verlos ons van die kwaad;⁷²
 want aan u behoort die krag⁷³
 en die heerlikheid
 tot in ewigheid.

3. So moet julle driekeer op 'n dag bid.⁷⁴

HOOFSTUK IX

1. Wat die nagmaal⁷⁵ betref, moet julle so dank betuig:

2. eerstens oor die beker:⁷⁶

Ons dank U, ons Vader,
 vir die heilige Wynstok van u Kneg Dawid⁷⁷
 wat u aan ons bekend gemaak het
 deur Jesus, u Kneg.⁷⁸
 Aan u die heerlikheid tot in ewigheid.

3. En aangaande die gebreekte brood:⁷⁹

Ons dank U, ons Vader,
 vir die lewe en kennis⁸⁰
 wat u aan ons bekend gemaak het
 deur Jesus, u Kneg
 Aan U die heerlikheid tot in ewigheid.

4. Soos wat hierdie gebreekte brood
 verstrooid was oor die berge⁸¹
 en een geword het nadat dit versamel is,⁸²
 laat so u kerk versamel word
 van die uiteindes van die aarde af⁸³
 in u Koninkryk.⁸⁴

Want aan u behoort die heerlikheid en die krag
 deur Jesus Christus tot in ewigheid.

5. Laat niemand van julle nagmaal eet of drink anders as hulle wat in die naam
 van die Here gedoop is nie.⁸⁵ Want hieroor het die Here ook gespreek:

*Moenie die heilige aan die honde gee nie.*⁸⁶

HOOFSTUK X

1. Nadat julle versadig is⁸⁷, moet julle so dank:

2. Ons dank U, heilige Vader,⁸⁸
 Vir u heilige Naam⁸⁹
 wat U in ons harte laat woon het,⁹⁰
 en vir die kennis en geloof en onsterflikheid
 wat U aan ons bekend gemaak het⁹¹
 deur Jesus, u Kneg.
 Aan U (kom toe) die heerlikheid tot in ewigheid.

3. U, almagtige Here,⁹²
 U het alles geskape ter wille van u Naam⁹³

τός σου, τροφήν τε καὶ ποτὸν ἔδωκας τοῖς ἀνθρώποις εἰς ἀπόλαυσιν ἵνα σοι εὐχαριστήσωσιν, ἡμῖν δὲ ἐχαρίσω πνευματικὴν τροφήν καὶ ποτὸν καὶ ζωὴν αἰώνιον διὰ τοῦ παιδός σου. 4. πρὸ πάντων εὐχαριστοῦμέν σοι ὅτι δυνατὸς εἶ σύ σοι ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας. 5. μνήσθητι, Κύριε, τῆς ἐκκλησίας σου τοῦ ῥύσασθαι αὐτὴν ἀπὸ παντὸς πονηροῦ καὶ τελειῶσαι αὐτὴν ἐν τῇ ἀγάπῃ σου, καὶ σὺνάξου αὐτὴν ἀπὸ τῶν τεσσάρων ἀνέμων, τὴν ἁγιασθεῖσαν εἰς τὴν σὴν βασιλείαν, ἣν ἠτοίμασας αὐτῇ· ὅτι σοῦ ἐστὶν ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας. 6. ἐλθέτω χάρις καὶ παρελθέτω ὁ κόσμος οὗτος. ὡσανῦνὰ τῷ θεῷ Δαυεῖδ. εἴ τις ἄγιός ἐστιν, ἐρχέσθω· εἴ τις οὐκ ἐστὶ, μετανοεῖτω. μαρὰν ἀθά. ἀμήν. 7. τοῖς δὲ προφήταις ἐπιτρέπετε εὐχαριστεῖν ὅσα θέλουσιν.

1 Joh. iv.
18.
S. Matt.
xxiv. 31.

1 Cor. xvi.
22.

XI. Ὅς ἂν οὖν ἐλθὼν διδάξῃ ὑμᾶς ταῦτα πάντα τὰ προειρημένα, δέξασθε αὐτόν· 2. ἐὰν δὲ αὐτὸς ὁ διδάσκων στραφεῖς διδάσκῃ ἄλλην διδαχὴν εἰς τὸ καταλύσαι, μὴ αὐτοῦ ἀκούσητε· εἰς δὲ τὸ προσθεῖναι δικαιοσύνην καὶ γινῶσιν Κυρίου, δέξασθε αὐτόν ὡς Κύριον. 3. Περὶ δὲ τῶν ἀποστόλων καὶ προφητῶν κατὰ τὸ δόγμα τοῦ εὐαγγελίου οὕτως ποιήσατε. 4. πᾶς δὲ ἀπόστολος ἐρχόμενος πρὸς ὑμᾶς δεχθήτω ὡς Κύριος· 5. οὐ μενεῖ δὲ εἰ μὴ ἡμέραν μίαν· ἐὰν δὲ ἦ χρεῖα, καὶ τὴν ἄλλην· τρεῖς δὲ ἐὰν μείνῃ, ψευδοπροφήτης ἐστίν· 6. ἐξερχόμενος δὲ ὁ ἀπόστολος μηδὲν λαμβανέτω εἰ μὴ ἄρτον, ἕως οὗ αὐλισθῇ· ἐὰν δὲ ἀργύριον αἰτῇ, ψευδοπροφήτης ἐστίν· 7. καὶ πάντα προφήτην λαλοῦντα ἐν πνεύματι οὐ πειράσετε οὐδὲ διακρινεῖτε· πᾶσα γὰρ ἁμαρτία ἀφεθήσεται, αὕτη δὲ ἡ ἁμαρτία οὐκ ἀφεθήσεται. 8. οὐ πᾶς δὲ ὁ λαλῶν ἐν πνεύματι προφήτης ἐστίν, ἀλλ' ἐὰν ἔχῃ τοὺς τρόπους Κυρίου. Ἀπὸ οὖν τῶν τρόπων γνωσθήσεται ὁ ψευδοπροφήτης καὶ ὁ προφήτης. 9. καὶ πᾶς προφήτης ὀρίζων τράπεζαν ἐν πνεύματι οὐ φάγεται ἀπ' αὐτῆς· εἰ δὲ μήγε, ψευδοπροφήτης ἐστίν. 10. πᾶς δὲ προφήτης διδά-

x. 4 σοί] insert Harnack after σύ.
Harnack.

xi. 5 εἰ μὴ] insert
9 ὀρίζων] conj. Bryennios; ὁ βίξων MS.

- en ook voedsel en drank aan die mense gegee⁹⁴
 om te geniet
 sodat hulle U kan dank.
 Maar aan ons het U geestelike voedsel en
 drank en (die) ewige lewe vergun⁹⁵
 deur u Kneg.
4. Bo alles dank ons U omdat U magtig is.
 Aan U (kom toe) die heerlikheid tot in ewigheid.
5. Dink aan u kerk, O Here,
 om dit te verlos van alle kwaad⁹⁶
 en om dit in u liefde te vervolmaak;⁹⁷
 en versamel u kerk, die geheiligde,⁹⁸
uit die vier windstreke,⁹⁹ in u koninkryk
 wat U daarvoor berei het.¹⁰⁰
 Want aan U behoort die krag en die heerlikheid
 tot in ewigheid.
6. Laat genade kom en hierdie wêreld verbygaan.
 "Hosanna vir die God van Dawid!"¹⁰¹
 As iemand heilig is, laat hy naderkom;¹⁰²
 as iemand nie is nie, laat hy hom bekeer.
 Maran atha!¹⁰³ Amen.
7. Laat die profete egter toe om te dank wat hulle wil.¹⁰⁴

HOOFSTUK XI

1. Wie dan ook al sou kom en julle al hierdie voorafgaande dinge leer – hom moet julle ontvang. 2. Maar as hy wat onderwys gee self afgedwaal het en 'n ander onderwysing aanbied om te ondermyn, moet julle nie na hom luister nie. Indien (hy egter onderrig gee) tot vermeerdering van geregtigheid¹⁰⁵ en kennis¹⁰⁶ van die Here, ontvang hom soos die Here.¹⁰⁷ 3. Aangaande die apostels en profete¹⁰⁸ moet julle presies handel¹⁰⁹ volgens die voorskrif van die Evangelie.
4. Wanneer hy by julle aankom, moet elke apostel soos die Here ontvang word.
5. Hy mag egter nie langer as een dag bly nie;¹¹⁰ indien nodig, ook die volgende (dag). Maar as hy drie dae bly, is hy 'n valse profeet.¹¹¹ 6. Wanneer die apostel vertrek, moet hy niks anders as brood neem nie – genoeg tot waar hy oornag. As hy geld vra, is hy 'n valse profeet. 7. Verder moet julle geen profeet wat in die Gees spreek¹¹², versoek of betwyfel nie,¹¹³ want elke sonde sal vergewe word, maar hierdie sonde sal nie vergewe word nie.¹¹⁴ 8. Nie elkeen wat in die Gees spreek, is egter 'n profeet nie, behalwe as hy die lewenswyse van die Here volg.¹¹⁵ Aan hulle lewenswyse dan sal die valse profeet en die (opregte) profeet geken word.¹¹⁶ 9. As enige profeet in die Gees 'n tafel beveel, mag hy nie daarvan eet nie.¹¹⁷ Indien wel, is hy 'n valse profeet.

σκων τὴν ἀλήθειαν εἰ ἂ διδάσκει οὐ ποιεῖ, ψευδοπροφήτης ἐστίν. 11. πᾶς δὲ προφήτης δεδοκιμασμένος ἀληθινὸς ποιῶν εἰς μυστήριον κοσμικὸν ἐκκλησίας, μὴ διδάσκων δὲ ποιεῖν ὅσα αὐτὸς ποιεῖ, οὐ κριθήσεται ἐφ' ὑμῶν· μετὰ Θεοῦ γὰρ ἔχει τὴν κρίσιν· ὡσαύτως γὰρ ἐποίησαν καὶ οἱ ἀρχαῖοι προφήται. 12. ὃς δ' ἂν εἶπη ἐν πνεύματι· Δός μοι ἀργύρια ἢ ἕτερα τίνα, οὐκ ἀκούσεσθε αὐτοῦ· ἐὰν δὲ περὶ ἄλλων ὑστερούντων εἶπη δοῦναι, μηδεὶς αὐτὸν κρινέτω.

XII. Πᾶς δὲ ὁ ἐρχόμενος ἐν ὀνόματι Κυρίου δεχθήτω· Ps. cxviii. (cxvii) 26. ἔπειτα δὲ δοκιμάσαντες αὐτὸν γνώσεσθε. σύνεσιν γὰρ ἔχετε S. Matt. δεξιὰν καὶ ἀριστεράν. 2. εἰ μὲν παρόδιός ἐστιν ὁ ἐρχόμενος, xxi. 9. βοηθεῖτε αὐτῷ ὅσον δύνασθε· οὐ μενεῖ δὲ πρὸς ὑμᾶς εἰ μὴ S. Mark xi. 9. δύο ἢ τρεῖς ἡμέρας, ἐὰν ἦ ἀνάγκη. 3. εἰ δὲ θέλει πρὸς ὑμᾶς S. Luke xix. 38. καθῆσθαι, τεχνίτης ὢν, ἐργαζέσθω καὶ φαγέτω. 4. εἰ δὲ οὐκ ἔχει τέχνην, κατὰ τὴν σύνεσιν ὑμῶν προνοήσατε, πῶς μὴ ἀργὸς μεθ' ὑμῶν ζήσεται Χριστιανός. 5. εἰ δ' οὐ θέλει οὕτω ποιεῖν, χριστέμπορός ἐστιν· προσέχετε ἀπὸ τῶν τοιούτων.

XIII. Πᾶς δὲ προφήτης ἀληθινὸς θέλων καθῆσθαι πρὸς ὑμᾶς ἄξιός ἐστιν τῆς τροφῆς ἀίτοϋ. 2. ὡσαύτως διδάσκαλος S. Matt. ἀληθινός ἐστιν ἄξιός ἐστιν καὶ αὐτός, ὡς περὶ ὁ ἐργάτης, τῆς τροφῆς x. 10. ἀίτοϋ. 3. πᾶσαν οὖν ἀπαρχὴν γεννημάτων ληνοῦ καὶ ἄλωνος, βοῶν τε καὶ προβάτων λαβὼν δώσεις τὴν ἀπαρχὴν τοῖς προφήταις· αὐτοὶ γὰρ εἰσιν οἱ ἀρχιερεῖς ὑμῶν. 4. ἐὰν δὲ μὴ ἔχητε προφήτην, δότε τοῖς πτωχοῖς. 5. ἐὰν σιτίαν ποιῆς, τὴν ἀπαρχὴν λαβὼν δὸς κατὰ τὴν ἐντολήν. 6. ὡσαύτως κεράμιον οἴνου ἢ ἐλαίου ἀνολίζας τὴν ἀπαρχὴν λαβὼν δὸς τοῖς προφήταις· 7. ἀργυρίου δὲ καὶ ἱματισμοῦ καὶ παντὸς κτήματος λαβὼν τὴν ἀπαρχὴν, ὡς ἂν σοι δόξη, δὸς κατὰ τὴν ἐντολήν.

XIV. Κατὰ κυριακὴν δὲ Κυρίου συναχθέντες κλάσατε ἄρτον καὶ εὐχαριστήσατε προεξομολογησάμενοι τὰ παραπτώματα ὑμῶν, ὅπως καθαρὰ ἢ θυσία ὑμῶν ᾗ. 2. πᾶς δὲ

xii. [ἔχετε] conj. Bryennios; ἔξεται MS. xiv. [προεξομολογησάμενοι] conj. Hilgenfeld; προεξομολογησάμενοι MS. ὑμῶν sec.] conj. Bryennios; ἡμῶν MS.

10. Elke profeet wat die waarheid leer en nie doen wat hy leer nie, is 'n valse profeet.¹¹⁸ 11. Maar enige profeet wat waaragtig bevind is en handel na die aardse geheimenis van die kerk, maar (ander)nie leer om te doen wat hyself doen nie, mag nie deur julle geoordeel word nie. Sy oordeel berus by God, want netso het ook die profete van ouds gedoen.¹¹⁹ 12. Maar hy wat in die Gees sou sê: gee vir my geld, of iets anders – moenie na hom luister nie. As hy egter ter wille van ander behoeftiges sê om te gee, moet niemand hom oordeel nie.¹²⁰

HOOFSTUK XII

1. Elkeen wat *in die naam van die Here kom*,¹²¹ moet ontvang word. Daarna, wanneer julle hom op die proef gestel het, sal julle hom ken – want julle moet begrip hê van die regter - en linkerhand.¹²² 2. As hy wat (by julle) kom 'n reisiger is, moet julle hom hulp verleen tot die mate waartoe julle in staat is.¹²³ Maar hy mag nie langer as twee of drie dae by julle bly nie – as dit noodsaaklik is. 3. As hy hom by julle wil vestig en hy is 'n ambagsman, laat hom werk en eet.¹²⁴ 4. Indien hy geen ambag het nie, handel volgens julle insig, maar so dat geen christen by julle werkloos is nie. 5. Wil hy hom nie hierna skik nie, is hy iemand wat munt wil slaan uit sy christenskap.¹²⁵ Pas op vir sulke mense.

HOOFSTUK XIII

1. Maar elke profeet wat hom by julle wil vestig, *is sy onderhoud werd*.¹²⁶ 2. Netso is 'n ware leraar self ook, soos die arbeider, sy onderhoud werd.¹²⁷ 3. Neem dus elke eerste vrug van die opbrings van die wynpers en dorsvloer, van die beeste en skape en gee hierdie eerste vrug aan die profete, want hulle is julle hoëpriesters.¹²⁸ 4. En as julle nie 'n profeet het nie, gee dit aan die armes.¹²⁹ 5. As jy brood bak, neem die eerste en gee dit volgens die gebod.¹³⁰ 6. Netso, nadat jy 'n kruik wyn of olie oopgemaak het, moet jy die eerste daarvan neem en aan die profete gee. 7. Van silwer en kleding en elke besitting moet jy die eerste neem, soos dit vir jou goed lyk, en gee dit volgens die gebod.

HOOFSTUK XIV

1. Op die dag van die Here¹³¹ moet julle vergader en nadat julle eers julle oortredinge bely het, sodat julle offer rein kan wees, moet julle broodbreek en dank.¹³²

ἔχων τὴν ἀμφιβολίαν μετὰ τοῦ ἑταίρου αὐτοῦ μὴ συνελθέτω ὑμῖν, ἕως οὐ διαλλαγῶσιν, ἵνα μὴ κοινωθῆ ἡ θυσία ὑμῶν.

Mal. i. 11, 3. αὕτη γάρ ἐστιν ἡ ῥηθεῖσα ὑπὸ Κυρίου· Ἐν παντὶ τόπῳ καὶ χρόνῳ προσφέρει μοι θυσίαν καθάραν· ὅτι βασιλεὺς μέγας εἰμί, λέγει Κύριος, καὶ τὸ ὄνομά μου θαυμαστόν ἐν τοῖς ἔθνεσι.

XV. Χειροτονήσατε οὖν ἑαυτοῖς ἐπισκόπους καὶ διακόνους ἀξίους τοῦ Κυρίου, ἀνδρας πραεῖς καὶ ἀφιλαργύρους καὶ ἀληθεῖς καὶ δεδοκιμασμένους· ὑμῖν γὰρ λειτουργοῦσι καὶ αὐτοὶ τὴν λειτουργίαν τῶν προφητῶν καὶ διδασκάλων.

2. μὴ οὖν ὑπερίδητε αὐτούς· αὐτοὶ γὰρ εἰσιν οἱ τετιμημένοι ὑμῶν μετὰ τῶν προφητῶν καὶ διδασκάλων.

3. Ἐλέγχετε δὲ ἀλλήλους μὴ ἐν ὀργῇ, ἀλλ' ἐν εἰρήνῃ, ὡς ἔχετε ἐν τῷ εὐαγγελίῳ· καὶ παντὶ ἀστοχοῦντι κατὰ τοῦ ἑτέρου μηδεὶς λαλείτω μηδὲ παρ' ὑμῶν ἀκουέτω, ἕως οὐ μετανοήσῃ. 4. τὰς δὲ εὐχὰς ὑμῶν καὶ τὰς ἐλεημοσύνας καὶ πάσας τὰς πράξεις οὕτως ποιήσατε, ὡς ἔχετε ἐν τῷ εὐαγγελίῳ τοῦ Κυρίου ἡμῶν.

S. Matt. xxv. 13.
S. Luke xii. 35, 40.

XVI. Γρηγορεῖτε ὑπὲρ τῆς ζωῆς ὑμῶν· οἱ λίχνοι ἡμῶν μὴ σβεσθήτωσαν, καὶ αἱ ὀσφύες ἡμῶν μὴ ἐκλεγέσθωσαν, ἀλλὰ γίνεσθε ἑτοιμοί· οὐ γὰρ οἴδατε τὴν ὥραν, ἐν ἧ ὁ Κύριος ἡμῶν ἔρχεται. 2. πυκνῶς δὲ συναχθήσεσθε ζητοῦντες τὰ ἀνήκουτα ταῖς ψυχαῖς ὑμῶν. οὐ γὰρ ὠφελήσει ὑμᾶς ὁ πᾶς χρόνος τῆς πίστεως ὑμῶν, ἐὰν μὴ ἐν τῷ ἐσχάτῳ καιρῷ τελειωθῆτε.

S. Matt. xxiv. 11, 24.

3. ἐν γὰρ ταῖς ἐσχάταις ἡμέραις πληθυνθήσονται οἱ ψευδοπροφῆται καὶ οἱ φθορεῖς, καὶ στραφήσονται τὰ πρόβατα εἰς λύκους, καὶ ἡ ἀγάπη στραφήσεται εἰς μῖσος· 4. αὐξανούσης γὰρ τῆς ἀνομίας μισήσουσιν ἀλλήλους καὶ διώσουσιν καὶ παραδώσουσι. καὶ τότε φανήσεται ὁ κοσμοπλανῆς ὡς υἱὸς Θεοῦ καὶ ποιήσει σημεῖα καὶ τέρατα, καὶ ἡ γῆ παραδοθήσεται εἰς χεῖρας αὐτοῦ, καὶ ποιήσει ἀθέμιτα, ἃ οὐδέποτε γέγονεν ἐξ αἰῶνος. 5. τότε ἔξει ἡ κτίσις τῶν ἀνθρώπων εἰς τὴν πύρωσιν τῆς

S. Matt. xxiv. 10, 30, 24.
S. Luke xxi. 12.

1117. xiv. 10
S. Matt. xxiv. 13.

δοκιμασίας, καὶ σκανδαλισθήσονται πολλοὶ καὶ ἀπολοῦνται, οἱ δὲ ὑπομείναντες ἐν τῇ πίστει αὐτῶν σωθήσονται ὑπ' αὐτοῦ

2. Elkeen wat egter 'n geskil met sy vriend het, mag nie met julle saamkom nie, tot wanneer hulle versoen is,¹³³ sodat julle offer nie ontheilig word nie.
3. Want dit is dít wat deur die Here gespreek is: *Om op elke plek en tyd vir My 'n rein offer te bring, want Ek is 'n groot Koning, sê die Here, en my Naam is gedug onder die heidene.*¹³⁴

HOOFSTUK XV

1. Kies daarom vir julleself opsieners en diakens,¹³⁵ waardig die Here, sagmoedige manne, nie geldgierig nie, waarheidliewend en beproefd.¹³⁶ Want hulle bedien self ook aan julle die bediening van die profete en die leraars.¹³⁷
2. Moenie hulle minag nie, want hulle is julle geëerdes tesame met die profete en leraars.¹³⁸
3. Berispe mekaar, nie in toorn nie, maar in vrede, soos julle dit in die Evangelie het.¹³⁹ Laat niemand met 'n persoon praat wat verkeerdelik teenoor 'n ander optree nie – moenie eers na hom luister nie –¹⁴⁰ totdat hy berou het.¹⁴¹
4. Aangaande julle gebede en gawes en alles wat julle doen, moet julle so handel soos julle dit in die Evangelie van ons Here het.

HOOFSTUK XVI

1. *Waak oor julle lewens. Laat julle lampe nie uitgedoof word nie en laat julle heupe nie ongegord wees nie. Wees gereed, want julle ken nie die uur waarin ons Here kom nie.*¹⁴²
2. Vergader dikwels¹⁴³ en soek die dinge wat paslik is vir julle siele, want die hele tyd van julle geloof sal julle niks baat as julle nie op die laaste oomblik volmaak is nie.¹⁴⁴
3. In die laaste dae sal valse profete en verderwers oorvloedig word, en die skape sal in wolwe verander en die liefde in haat.¹⁴⁵
4. Terwyl die wetteloosheid toeneem, sal hulle mekaar haat en vervolg en verrai.¹⁴⁶ En dan sal die wêreldverleier verskyn asof hy die Seun van God is¹⁴⁷ en hy sal tekens en wonders verrig.¹⁴⁸ Die wêreld sal in sy hande oorgelewer word en hy sal goddelose dinge doen, dinge wat van ewigheid af nog nooit gebeur het nie.
5. Dan sal die menslike skepsele in die vuur van beproewing kom¹⁴⁹, en baie sal tot struikel gebring word¹⁵⁰ en verlore gaan. Maar hulle wat volhard¹⁵¹ in hulle geloof, sal

τοῦ καταθέματος. 6. καὶ τότε φανήσεται τὰ σημεῖα τῆς ἀλη- S. Matt.
 θείας· πρῶτον σημεῖον ἐκπετάσεως ἐν οὐρανῷ, εἶτα σημεῖον xxiv. 30.
 φωνῆς σάλπιγγος, καὶ τὸ τρίτον ἀνάστασις νεκρῶν· οὐ πάν-
 των δέ, ἀλλ' ὡς ἐρρέθη· Ἦξει ὁ Κύριος καὶ πάντες οἱ ἄγιοι μετ' Zech. xiv.
 αὐτοῦ. 7. τότε ὄψεται ὁ κόσμος τὸν Κύριον ἐρχόμενον ἐπάνω ὧς.
 τῶν νεφελῶν τοῦ οὐρανοῦ. S. Matt. xxiv. 30.

gered word deur Hom wat self vervloek is. 6. En dan sal die tekens van die Waarheid verskyn; eerstens die teken van 'n geopende hemel,¹⁵³ daarna 'n teken van 'n geklank van 'n basuin¹⁵⁴ en derdens 'n opstanding van die dode¹⁵⁵ – nie van almal nie¹⁵⁶ maar soos gesprek is: Die Here sal kom en al die heiliges met hom.¹⁵⁷ 7. Dan sal die wêreld die Here sien kom op die wolke van die hemel.

- - - o o 0 o o - - -

DIE DIDACHÉ

1. Die Didaché bied homself aan as 'n onderrig aan die vroeë christelike kerk, of in 'n sekere deel daarvan. Die korter titel, "Die Onderwysing van die Twaalf Apostels", was waarskynlik aan die buitekant van die oorspronklike ms. aangebring. By verskeie vroeë christelike skrywers is dit ook bekend as "Die Leer van die Apostels" (Eusebius, H.E. III 25 4; Athanasius, Feesbrief 39¹). J. B. Lightfoot kies 1g. titel vir sy her=siene Griekse teks.
2. Die langer titel soos dit aan die binnekant van die ms. aangebring is. Dit herinner aan Matt. 28:19: "... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het " .
3. Vir hierdie leer oor die twee weë sien Jer. 21:8; Ps. 1; Matt. 7:13-14; 2 Pet. 2:15.
4. Mark. 12:30-31; Matt. 22:37-38; Luk. 10:27. Die twee gebooe staan ook in Deut. 6:4-5 en Lev. 19:18, maar kom nie in die Jodedom tesame voor nie.
5. Die sg. Negatiewe Vorm van die Goue Reël (Matt. 7:12) wat dikwels in Joodse en vroeë christelike literatuur voorkom.
6. Die bedoeling is dat die uitleg van die woorde van 1,2 nou volg. In hierdie uitleg, wat blykbaar 'n toevoeging is tot die oorspronklike bron van die skrywer, word verskeie aanhalings gemaak uit die evangelies van Matt. en Luk. Na 11, 1 sluit hy weer by sy bron aan.
7. Die eerste deel van die sin kom ooreen met Luk. 6:28 en Matt. 5:44, maar wyk dan van beide hierdie tekste af.
8. HERMAS, Sim. V3 7 ken ook die gebruik om ten behoeve van ander te vas.
9. 'n Vrye aanhaling van Luk. 6:32.
10. Ongeveer soos Matt. 5:46-47 en Luk. 6:33-34.
11. Vgl. Luk. 6:27,35.
12. "... en julle sal geen vyand hê nie". Moontlik kom hierdie woorde uit 'n onbekende evangelie, want Didascalia Apostolorum I het: "Verder sê Hy in die Evangelie: Julle moet liefhê die wat vir julle haat, bid vir die wat vir julle vervloek en julle sal niemand as vyand hê nie."
13. Vgl. 1 Pet. 2:11.
14. Matt. 5:39
15. 'n Kombinasie van Matt. 5:48 en 5:39 soos in die Diatessaron van Tatianus.

16. Matt. 5:41.
17. Matt. 5:40.
18. Matt. 6:30.
19. Hierdie woorde druis in teen die sin van die redevoering. Kirsopp Lake, *The Apostolic Fathers*, Vol. 1, p. 311 vertaal so: "not even if thou canst." Hy gee egter toe dat emendasie moeilik is en wil hierdie woorde eerder toeskryf aan 'n ligsinnige glos wat foutieflik in die teks opgeneem is.
20. Matt. 5:26.
21. Hierdie uitspraak kom nie in die Bybel voor nie.
22. Die skrywer sluit weer aan by sy oorspronklike bron.
23. Behalwe die toevoeging t.o.v seksuele misdrywe en die magie, gaan hierdie opsomming van verbode dinge terug op die dekaloo; Ex. 20:13-17; Deut. 5:17-21; Matt.19:18; Mark. 10:19; Luk.18:20; Rom.13:9. "meineed" : Matt. 5:33.
24. Vgl. Matt. 7:21 en Jak. 1:22-23.
25. Vgl. Jud. 22-23; Ef.5:11; 1 Tim.5:20.
26. 'n Vertroulike aanspreekvorm wat tipies is van die N.T. Vgl. Mark. 2:5; 10:25; Luk. 16:25; Gal. 4:19; 1 Tim.1:18; e.a. Dit is 'n logiese aanspreekvorm vir een wat wedergebore is.
27. Vgl. 1Thess. 5:22. Die skrywer verwys dikwels na Nuwe Testamentiese uitsprake, maar woordelike kwotasies kom meestal uit die Evangelies.
28. Die verbinding van "toorn" en "moord" kom ook voor in Matt. 5:21-22.
29. *ζηλωτής* kom ook dikwels voor met 'n gunstige betekenis (1 Kor. 14:12; Gal. 1:14; Tit. 2:14). Dit herinner ook aan die beweging onder die Jode wat radikale teenstand gebied het teen die Romeinse oorheersing. Vgl. ook Luk. 6:15 waar Simon die Yweraar genoem word.
30. Matt. 5:5.
31. Sien 1 Thess. 4:11 vir 'n omskrywing van 'n "rustige" man.
32. 'n Verwysing na Jes. 66:2: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord."
33. Vgl. Matt. 23:12; Luk. 14:11; 18:14; 2 Kor. 11:7.
34. Herinner aan Rom.12:16.
35. Sien Matt. 10:29 (vir die gedagte dat sonder God niks gebeur nie).
36. Hebr. 13:7.
37. Vgl. Matt. 18:20.

38. Vgl. 1 Kol. 1:10.
39. Vgl. Deut. 1:16-17; Spr. 31:9; Lev. 19:5.
40. Hierdie sin het waarskynlik betrekking op die voorafgaande vermaning om regverdig te oordeel en beteken dan dat daar nie getwyfel moet word of die bestraffing uitgevoer moet word al dan nie. Dit mag egter ook betrekking hê op gebedsverhoring (vgl. Jak. 1:8; 4:8; Matt. 21:22; Mark. 11:24), in welke geval dit liever vertaal moet word: moenie twyfel of iets sal gebeur of nie.
41. Vgl. 1 Pet. 4:9-10.
42. Vgl. Ef. 6:8.
43. Vgl. Hand. 4:32; 2:44.
44. Vgl. Rom. 15:27.
45. IV,9-11 handel oor die huislike pligte (vgl. Ef. 5:22-6:9; Kol. 3:18-4:1).
46. "Kom" en "roep" is duidelik eskatologiese terme.
47. Vgl. Deut. 4:2; 12:32.
48. Vgl. Jak. 5:16. Die bedoeling is om in die openbaar sondebelydenis te doen.
49. Vgl. Matt. 15:19; Mark. 7:21-22; Rom. 1:29-31; Gal. 5:19-21.
50. Vgl. 2 Pet. 2:15.
51. Vgl. Rom. 12:9.
52. Vgl. Matt. 24:4.
53. 'n Verwysing na die titel.
54. Die verwysing na die "juk" van die Here het nie betrekking op Matt.11:29 nie. Die gedagte moet liever gesien word in die lig van Matt. 19:21, vgl. ook Hand. 15:10.
55. Die sterk standpunt wat hier ingeneem word teen die eet van afgods=offers is interessant. Dit is direk in teenspraak met die onderrig van Jesus soos opgeteken in Matt. 7:13-23 en moontlik ook Hand. 10:10-15. Daarenteen is dit in ooreenstemming met Hand. 15:29 en Openb. 2:14,20. In 1 Kor. 10: 14-33 hef Paulus hierdie skynbare teenstrydigheid op deur aan te dui wanneer afgodsoffers geëet mag word en wanneer nie. Vgl. hieroor ook 1 Kor. 8: 1-13. Die "dooie gode" is volgens 1 Kor. 8:4 juis die rede waarom afgodsoffers geëet mag word. Dit is egter duidelik dat baie van hierdie vroeë christene dit moeilik gevind het om die nuwe christelike vryheid waarin hulle gestaan het, te verstaan.

56. Hierdie inleidende woorde is in die styl van 1 Kor. 7:25; 8:1 en 12:1.
57. Die gebruik van die meervoudsvorm "julle" skep probleme. Spreek die skrywer hier dieselfde mense aan wat hy in die voorafgaande onderrig as "my kinders" aangespreek het? Indien wel, dan impliseer dit dat alle christene die reg gehad het om te onderrig en te doop! M.i. moet daar nie soveel waarde aan hierdie meervoudsvorm geheg word nie. Dit is duidelik dat die skrywer vrylik die enkelvoud-en meervoudsvorm wissel, afhange van die inhoud van die bronne waarvan hy gebruik maak. Ignatius van Antiochië (Smyrn. 8.2) sê: "Dit is nie toegelaat om sonder die toestemming van die biskop te doop of 'n liefdesmaal te hou nie." Hoewel die skrywer van die Didaché dus geen besondere amp hier noem nie, beteken dit nie dat hy nie een of ander amp in gedagte gehad het nie.
58. Die voorbereidende onderrig vir die doop behels oënskynlik net die "Twee Weë" en die verdere voorskrifte van hoofstuk VI. Dit is onaanvaarbaar. Daar moes een of ander verduideliking gewees het van die betekenis van die name "Vader, Seun en Heilige Gees". Verder verg die feit dat, nóg hier, nóg by die behandeling van die nagmaal in IX en X, enige melding gemaak word van Christus se lyde en sterwe, 'n diepgaande ondersoek na die dogmatiese uitgangspunt van die Didaché.
59. Matt. 28:19.
60. Letterlik: "in lewende water". Waarskynlik lopende water in teenstelling met staande water, eerder as vars water in teenstelling met sout water. Tertullianus sê (De Bapt.4) dat hierdie vereistes nie nodig is nie: "Nulla distinctio est, mari quis an stagno, flumine an fonte, lacu an alveo, diluatur." Verder, volgens Clemens se Homilieë, word mense in die see gedoop.
61. Waarskynlik word 'n geval van siekte hier in oorweging geneem.
62. Die skrywer voorsien die moontlikheid dat daar nie voldoende lopende of staande water vir onderdompeling is nie.
63. Volgens Justinus (Apol. I 61 2) was die hele gemeente ten tye van die doop.
64. Die skrywer oorweeg net die volwasse doop.
65. Blykbaar het hierdie verdere voorskrifte i.v.m. die vastye nie direk betrekking op die vaste wat voor die doop gehou moet word nie.
66. "Die geveinsdes": Matt. 6:16 het betrekking op die Fariseërs, maar vir die Didaché is alle Jode geveinsdes.
67. Maandag en Donderdag.

68. Woensdag en Vrydag. Dit is nie bekend waarom die christene juis op hier= die dae gevas het nie – waarskynlik bloot om nie op dieselfde dae as die Jode te vas nie?
69. Matt. 6:9: ἔν τοῖς οὐρανοῖς ; Didaché: ἐν τῷ οὐρανῷ
70. Matt. 6:12: τὰ ὀφειλήματα ; Didaché: τὴν οφειλήν
71. Matt. 6:12: ἀφήκαμεν ; Didaché: ἀφίεμεν
72. Dit sou verkeerd wees om hier met "die Bose" te vertaal, want die Didaché maak nooit melding van goeie of slegte engele nie.
73. Die woorde "die koninkryk" ontbreek in die doksologie, soos ook by Gregorius van Nyssa.
74. Tertullianus maak melding van gebede op die derde, sesde en negende uur (de Orat. 25; de ieiun.10). Clemens van Alexandrië noem ook hierdie ure as gebedstye (Strom. VII. vii.40), maar beskou die gebruik nie as algemeen nie. By Tertullianus wil dit voorkom asof die "Onse Vader" by hierdie geleenthede gebid is. Ook die Jode het driemaal per dag gebid (vgl. Dan. 6:11).
75. (i) Die woord εὐχαριστία is onduidelik. In die N.T. beteken dit "dankbaarheid" (Hand. 24:3) of "dankbetuiging" (1 Kor. 14:16), veral teenoor God. Let egter op die lidwoord in hierdie betrokke passasie; dit mag dui op die welbekende, gebruikelike danksegging. Uit die konteks is dit duidelik dat die skrywer die christelike nagmaal bedoel, veral waar hy in v.5 praat van die "eet" van die εὐχαριστία 1 Kor. 11:20 omskryf die nagmaal as κυριακὸν δεῖπνον = die maaltyd van die Here.
- (ii) Hff. IX en X vorm 'n eenheid. Sommige dink dat hierdie hoofstukke die christelike agapé, d.i. die vroeëre liefdesmaal, beskryf, terwyl ander reken dat hier uitsluitlik op die nagmaal gedui word. A. Arnold (Der Ursprung des christlichen Abendmahls im lichte der neuesten liturgiegeschichtlichen Forschung) gee 'n opsomming van die verskillende gesigspunte oor hierdie veelbesproke probleem.
- (iii) Die skrywer beskryf nie die liturgie nie, maar laat die klem val op die vorm van die gebede.
- (iv) Die dankgebede wat volg, was waarskynlik bedoel om óf hardop óf sag in navolging van 'n voorganger opgesê te word. Daar is egter geen aanduiding dat daar wel 'n λειτουργίος moes wees nie (vgl. egter XV.1).

76. Dat die wyn eerste genoem word, is in ooreenstemming met 1 Kor.10:16,21, maar Luk. 22: 19-20; Matt. 26: 26-27 en Mark. 14: 22-23 gee die korrekte volgorde aan as eers die brood en dan die wyn. In v.5 plaas die skrywer ook die eet voor die drink.
77. Daar is uiteenlopende opinies oor wat met hierdie sin bedoel word. Dui ἁγίας ἀμπέλου, die "heilige wynstok", op die persoon van Jesus, op die kerk of op die nagmaalsbeker? Hoewel Clemens (Quis Dives Salvus, 29) hierdie titel vir die nagmaalsbeker gebruik, kan dit hier in die Didaché nie so verstaan word nie. Dit het hier duidelik 'n simboliese betekenis. Die vertaling wat gevolg is, is gegrond op die argument dat Ps. 80: 15-16 Israel aandui as die wingerdstok, die seun wat God vir Homself groot gemaak het. In Joh. 15:1 identifiseer Jesus Homself as die ware Wynstok. Die sin van die danksegging lê dan daarin, dat God gedank word vir die openbaring van die ware Israel (die kerk) in Jesus Christus. Hierby moet steeds die simboliek van die wyn as die bloed van Christus verstaan word.
78. Die Griekse woord πᾶς kan beide kneg en seun beteken. In hierdie konteks moet ons ons laat lei deur Jes. 42: 1-7 en Matt. 12:17-21.
79. Die woord wat gebruik word, is κλάσμα = brokstuk. Toepaslik soos dit is, word dit nêrens in die N.T. gebruik m.b.t. die nagmaal nie (vgl. Matt. 14:20; Mark. 6:43; 8:19-20; Joh.6:12-13). In Hand.2:46 word die nagmaal wel beskryf as "broodbreek".
80. Daar is talle verwysings in die N.T. na "lewe" en "kennis" as Christus se unieke gawe aan die mens: Luk.1:77; 2Kor. 4:6; Joh. 3:15; 5:26; 6:68; sien Joh. 6:53 vir die lewegewende beginsel van die kerk.
81. Die verwysing na die brood wat verstrooid was oor die berge (heuwels) laat baie geleerdes dink dat hierdie eucharistiese gebede hulle oorsprong in Palestina gehad het. Daar mag in hierdie woorde ook 'n verwysing wees na die verdwaalde skape van Matt.18:12.
82. In verband met die brood word oor eenheid gespreek, vgl. 1 Kor.10:17. Die nagmaalsformulier van die Protestantse Kerke bied ook 'n interessante parallel vir die versameling van die koringkorrels tot een meel en een brood. Dieselfde idee kom ook voor by Cyprianus Epp. 63,13; 69.5.
83. Die Apostoliese Vaders verwys dikwels na die universaliteit van Christus se koninkryk of die kerk: Clemens van Rome 42, 60.4; Didaché 10.5; Ignatius, Smyrn. 1.2; 8.2; Barnabas 5.7; 7.5; Diognetus 6.2; vgl. ook Matt. 24:31.

84. Die Grieks laat twee interpretasies toe: (i) mag u kerk "in u konin=
kryk in" versamel word; (ii) mag u kerk "u koninkryk word".
85. Daar het dus reeds in hierdie vroeë liturgie 'n verantwoordelikheid
op die gemeente gerus om toe te sien dat die Tafel van die Here
nie verontreinig word nie. Vgl. ook Just., Apo1. 1 66 1.
86. Matt. 7:6.
87. Die woord "versadig" dui op 'n volle maaltyd (vgl. ook Joh. 6:12).
Volgens 1 Kor. 11:20-21 was dit ook op 'n stadium in die vroeë kerk
te Korinthe gebruiklik om 'n volle maaltyd tydens nagmaal te geniet.
In hierdie verse wil dit egter voorkom asof Paulus dit nie goedkeur
nie. Gevolglik is dit moontlik dat die woord, soos dit in die Didaché
voorkom, bloot mag beteken: "nadat julle klaar geëet het".
88. "Heilige Vader": Joh. 17:11.
89. Die "Naam" is hier gelyk aan die "Persoon" (vgl. Matt. 10:22;
Hand. 4:30; 10:43).
90. Vir $\sigma\kappa\eta\nu\acute{\omicron}\omega$ = om te woon, sien Joh. 1:14.
91. Vlg. Joh. 15:15.
92. Vgl. Hand. 4:24.
93. Vgl. Openb. 4:11
94. Vgl. Ps. 104: 14-15; 147:14.
95. Vgl. Joh. 6:53-54.
96. Dieselfde woorde as in die "Onse Vader".
97. Vgl. 1 Joh. 2:5; 4:12. Die gedagte dat geloof die begin is en liefde
die vervolmaking word ook aangetref by Clemens 1.3.
98. Vgl. Ef. 5:26.
99. Matt. 24:31. Let daarop dat hier geen verwysing is na die engele nie.
100. Vgl. Matt. 25:34.
101. Die vraag kan gestel word of hierdie uitroep nie eerder van die gemeente
uitgegaan het as wat dit deel van die gebed was nie. In Matt. 21:9 en
15 word die uitroep "Hosanna" gebruik saam met die woorde "die Seun
van Dawid". In die lig van Matt. 22: 42-45 is die wysiging na "die God
van Dawid" egter verstaanbaar. Barnabas (12.10.11) beskou dit as 'n
"fout van sondaars" om Christus die Seun van Dawid te noem, waarskyn=
lik ook met die oog op Matt. 42:45.

102. Die uitnodiging "laat hy naderkom", dui blykbaar op deelname aan die nagmaal en sommige kritici wil daarom voorstel dat die gebede in IX en X omgeruil is.
103. In 1 Kor. 16:22 en Openb. 22:20 vind ons ook die begeerte na die wederkoms. Die Aramese word "maranatha" beteken "Die Here het gekom". Indien dit geskryf word "marana tha", beteken dit "Here, kom!"
104. Harnack¹⁾ sien in hierdie sin die moontlikheid dat enige gemeentelid tydens die nagmaal kon voorgaan, maar dan gebonde was aan die voor= geskrewe gebede. Die profete kon egter vrylik bid. In die lig van XV.1 wil dit egter voorkom asof die reg om voor te gaan, beperk was tot die ampte. Dit was egter nie altyd maklik om die ware en valse profete te onderskei nie (Sien XI).
105. Vgl. Matt. 5:20; 6:33.
106. Vgl. 2 Pet. 3:18.
107. Vgl. Matt. 10:40-41; Joh. 13:20.
108. Die Didaché ken drie ampte m.b.t. die onderrig van die christelike leer: (i) leraars- mense wat hulle onderskei met die gawe om die leer oor te dra (XI, 1-2; XIII, 2; XV, 1-2);
 (ii) apostels - 'n term gebruik vir mense anders as die Twaalf. Die Didaché maak net in XI, 3 en 4 direk melding van apostels, maar verwys blykbaar in verse 5 en 6 na hulle met die term "profete". Klaarblyklik was die apostels rondreisende predikers van die Evan= gelie in die sin van "sendelinge";
 (iii) profete - rondreisende of plaaslike christene, wat met besondere charismatiese gawes geseën is om die gemeente te bedien. Hierdie diens kom in die Didaché eensyds ooreen met die diens wat die opsieners en diakens verrig (XV, 1b) en andersyds met die onder= rig van die gemeente in die ware Evangelie (XI, 1-2). Die feit dat daar met die profete gehandel moet word "volgens die voorskrif van die Evangelie" (XI,3), regverdig die afleiding dat die verantwoorde= likhede van 1 Kor. 14:3 ook aan hulle toegeskryf kan word, nl. om woorde van stigting en troos en bemoediging te spreek. Die skrif maak ook onderskeid tussen profete en apostels (Ef. 3:5). Vir besondere openbarings d.m.v. profete, sien Hand. 11:27-28; 21:10-11 en vir profete en leraars in gemeenteverband, Hand.13:1-2.
109. Vgl. Matt. 7:15 v.v.; 10:5 v.v.; 10:42-43; Luk. 9:1-6; 10:4-16. Na die opstanding het die Twaalf nie hierdie voorskrifte onderhou nie. Dit is blykbaar 'n latere kerkhistoriese ontwikkeling.

1) Charles Bigg, a.w., p.65.

110. "Een dag": 'n Apostel moes voortdurend van plek tot plek beweeg. Die werk wat hy gedoen het, kon deur ander christene voortgesit word. Eusebius (Hist.Eccl.3.37) vertel van die vrugbare werk wat hierdie rondreisende evangeliste gedoen het.
- "Gasvryheid": 'n noodsaaklike en gewaardeerde deug in die tyd van die vroeë christendom, was dikwels misbruik.
111. "Valse profeet": opvallend is dat 'n apostel wat hom aan wangedrag skuldig maak, 'n valse profeet genoem word. Dit dui daarop dat daar nie 'n groot verskil in die werksaamheid van apostel en profeet was nie. In die teks gaan dit nie om die leer van die profeet nie, maar om sy lewenswyse. Luk.10:1-10 handel oor die regte en pligte van sulke rondreisende christene. Ook Paulus skryf in 1 Kor.9:1-14 oor die regte van die apostels. Vgl. verder Luk.9:3; Matt. 10:5-14; Mark.6:7-13.
112. Dit is duidelik dat ons hier nie met "spreke in tale" te doen het soos in die sin van 1 Kor.14:2 nie, want volgens XI 9-12 gaan dit om verstaanbare verkondiging en opdragte deur die profeet aan die gemeente (vgl. 1 Kor. 14:3-4).
113. Die vertaling "versoek of betwyfel" berus op 'n fyn onderskeiding in die betekenissfere van die woorde $\pi\epsilon\lambda\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ en $\delta\iota\alpha\kappa\rho\acute{\iota}\nu\omega$. Die saak waaroor dit gaan, is dat die teks van die Didaché hier skynbaar in stryd is met 1 Joh.4:1: "glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef ($\delta\omicron\kappa\lambda\acute{\mu}\acute{\alpha}\zeta\omega$) of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan." Verder, 1 Kor.14:29: "Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel" ($\delta\iota\alpha\kappa\rho\acute{\iota}\nu\omega$). In die N.T. word $\pi\epsilon\lambda\rho\acute{\alpha}\zeta\omega$ in 'n goeie en slegte sin gebruik. In die goeie sin: 2 Kor. 13:5; Hebr.11:17; Openb. 2:2 en vele tekste i.v.m. beproewing uit die hand van God: 1 Kor. 10:13; Hebr. 2:18; 4:15; 11:17,37; Openb. 3:10. In die slegte sin: die pogings van die Fariseërs om Jesus in sy prediking te verstrik: Matt. 16:1; 19:3; 22:18,35; Mark. 8:11; 10:2; 12:15; Luk.11:16; Joh. 8:6. Dan ook, veral met die oog op die vertaling van die betrokke passasie in die Didaché, t.o.v. die versoeking van God deur twyfelagtigheid: Hand.15:10; 1 Kor. 10:9; Hebr.3:9; Hand.5:9. In die betrokke passasie word verwys na Matt. 12:31 en Mark. 3:28-29 waar gehandel word oor die ongeefflike sonde van laster teen die H.Gees. Derhalwe die keuse van die woord "versoek" i.p.v. "op die proef stel".
- In Hellenistiese Grieks het die woord $\delta\iota\alpha\kappa\rho\acute{\iota}\nu\omega$ naas die normale betekenis van "oordeel" of "onderskei" (Hand.15:9; 1 Kor. 4:7), ook die betekenis van "twyfel" (Matt. 21:21; Rom. 14:23). Uit die konteks

Is dit duidelik dat ons hier met lg.betekenis te doen het. Daar is dus geen rede om hier 'n konflik met die Skrif of met die Didaché self te veronderstel nie (vgl. XI,1).

114. Vgl. Matt. 7:31 en Mark.3:28-29.
115. Waarskynlik 'n verwysing na Matt. 7:15-20.
116. Vgl. Matt. 12:33-37; Fil. 2:21.
117. Hier het ons 'n verwysing na die agapé of liefdesmaal. Hierdie agapé moet egter nie te skerp van die nagmaal geskei word nie. Vir die skrywer van die Didaché het dit klaarblyklik saamgeval (vgl. X 1) en daarom het die profeet die reg gehad om "'n tafel" te beveel. Die praktiese reëling dat die profeet self nie aan die maaltyd mag deelneem nie, is dan om die moontlikheid van misbruik te voorkom. In die lig van 1 Kor. 11:20 waar Paulus duidelik ontken dat elke gesamentlike maaltyd 'n nagmaal is, bly dit 'n vraag of die skrywer van die Didaché alleenlik hierdie vorm van die nagmaal geken het.
118. Vgl. Matt. 23:3; 7:15-20.
119. Kommentatore verskil oor die interpretasie van hierdie vers. Die woorde $\mu\sigma\tau\acute{\eta}\rho\iota\omicron\nu\ \kappa\omicron\sigma\mu\iota\kappa\acute{\omicron}\nu$ moet egter beteken dat die geheimenis hom op die aarde afspeel. Ons kan hier dink aan Ef. 5:32, wat handel oor die "groot verborgenheid" van Gen. 2:24 en betrekking het op Christus en sy gemeente. Die verwysing na "die profete van ouds" mag o.a. ook betrekking hê op die simboliese handeling soos in Hos.1:2; Jer. 27 en selfs Hand.21:10-14. Dit is duidelik dat die profete waarna die Didaché verwys, ten spyte van die klem wat dit laat val op die beoordeling van die profeet volgens sy lewe, toegelaat word om iets te doen waarin die gemeentelede hulle nie mag navolg nie en wat die profete hulle nie mag leer om te doen nie. Dit sou o.a. kon beteken dat die profeet 'n geestelike huwelik kon aangaan wat nie vir gewone gemeentelede toelaatbaar was nie. In hierdie verband verdien 1 Kor. 9:5 oorweging, maar werp geen lig op die probleem nie.
120. Die profeet mag geld ontvang (vgl. XI 11 7), maar hy mag dit nie vra nie, behalwe ten behoeve van die armes (vgl. Matt. 10:8-9).
121. Vgl. Ps. 118:26; Matt. 21:9. "Hy wat kom in die naam van die Here" kan betrekking hê op 'n rondreisende apostel, profeet, of enige christen (vgl. Matt. 10:41-42).
122. Hierdie Griekse uitdrukking is waarskynlik geskoei op Jona 4:11, waar dit betrekking het op mense wat nie tussen goed en kwaad kan onderskei nie.

123. Aangaande gasvryheid, vgl. Rom. 12:13; 1 Pet. 4:9; 1 Tim.3:2.
124. Oor die plig om te werk, vgl. 2 Thess. 3:10; Hand. 18:3.
125. Letterlik: 'n christussmous. Die woord $\chi\rho\iota\sigma\tau\acute{\epsilon}\mu\pi\omicron\rho\acute{o}\varsigma$ was volgens C.Biggs, THE DOCTRINE OF THE TWELVE APOSTLES, p.22 'n algemene spreekwoord gedurende die vierde eeu en dien, volgens hom, as onomstootlike bewys dat die Didaché nie as 'n boek voor hierdie tyd bestaan het nie.
Vir waarskuwings teen mense wat op winsbejag uit is, sien 1 Tim.6:5 en Matt. 7:15.
126. Die teenstelling is hier belangrik omdat hierdie hoofstuk wel, in navolging van die Skrif (Matt. 10:10; 1 Tim. 5:18; 1 Kor. 9:13) en in teenstelling met XII,5 voorsiening maak vir die lewensonderhoud van leraars en profete.
127. "Leraar": Hier en in XV,2 word die leraar onderskei van die profeet. Die onderskeid word blykbaar nie in XI gemaak nie. In 1 Kor. 12:28 word leraars naas profete en herders genoem en in Ef. 4:11 naas evangeliste en herders.
128. Die voorskrifte i.v.m. die eerste vrugte is ongetwyfeld beïnvloed deur die O.T.se gebruik. Vgl. hieroor Ex 22:29-31; Num. 15:19 v.v.; Deut. 18:3 ww. Dit is belangrik om daarop te let dat die profete hier vergelyk word met hoëpriesters. Die O.T.se hoëpriester was 'n simboliese amp wat in Christus vervul is en is as sodanig die een wat die offer bring (Joh. 1:29; Hebr.9:28),terwyl die Christen self ook priesterlik moet lewe volgens die N.T.
Nogtans bly dit eienaardig dat alleen die profete as hoëpriesters beskryf word en dat hulle alleen geregtig is op die eerste vrugte. Sou ons miskien hier te doen hê met 'n direkte vergelyking van die profete-amp in die N.T. met die O.T.se hoëpriester?
129. Dit mag die bedoeling wees dat die profeet uit hierdie opbrings na die armes moes omsien. In hierdie sin (4) skemer ook deur hoedat die Didaché daarop aanspraak maak om 'n algemene onderwysing te wees.
130. Dit is nie duidelik of die skrywer hier na die O.T.se voorskrifte of na N.T.se passasies soos Matt. 10:10 verwys nie.
131. "Op die dag van die Here": letterlik: "op die dag van die Here van die Here" (vgl. Openb. 1:10).
132. Vir samekomste op die eerste dag van die week om nagmaal te vier, vgl. Hand. 20:7. Die danksegging vind i.v.m. die nagmaal plaas.
"Rein offer": Mal. 1:11 word in die oud-christelike literatuur dikwels aangehaal met verwysing na die nagmaal (Justinus, Trypho.28; 41; 116;

Iren. IV. 17.5; 18.1; Tert. adv. Jud. 5; adv. Marc. 3.22; Clem. Alex., Strom.

V. 14.136). Hierby moet dan verstaan word dat die gebede as offers beskou kan word (vgl. Just. Dial. 117.1). Paulus sien die christelike lewe as 'n welgevallige offer aan God (Rom. 12:1).

133. Vgl. Matt. 5:23 v.v.

134. Mal. 1:11,14.

135. (i) "Kies daarom": in hierdie woorde lê duidelik opgesluit dat die opsieners en diakens die toesig en bediening by die nagmaal moes waarneem.
- (ii) Die teks van die Didaché (ἑπισκόπους καὶ διακόνους) het menige dispuut uitgelok. Die feit dat hier nie spesifiek van ouderlinge (πρεσβύτεροι) melding gemaak word nie, dui vir sommige kommentatore op die baie vroeë ontstaansdatum van die Didaché. So bv. wil Kleist (ANCIENT CHRISTIAN WRITERS, Vol. VI. p.164) die term ἐπίσκοποι sien as insluitende 'n biskop met sy ouderlinge (πρεσβύτεροι). Om sy standpunt verder te staaf wys hy daarop dat die term "diaken" ook nog nie duidelik omlin was nie, aangesien selfs Jesus in die N.T. 'n διάκονος genoem word (Rom. 15:8; Mark. 9:35; ens.). Ook apostels en ander belangrike mense word as διάκονοι aangedui in 1 Kor. 3:5; Kol. 1:7; 4:7; 1 Thess. 3:2; 1 Tim. 4:6; ens. Hoewel Charles Bigg nie met Kleist se standpunt saamstem nie, haal hy in sy werk THE DOCTRINE OF THE TWELVE APOSTLES, p.72 dr. Schaff aan: "The Didachographer and Clement of Rome wrote in the short period of transition from the Presbytero-Episcopate to the distinctive Episcopate." Indien dit so is, moes die Didaché, aldus Bigg, voor die einde van die eerste eeu ontstaan het en hy stem saam met Harnack dat dit onmoontlik is. Sy redenasie is dat die skrywer van die Didaché met beide Hand. en 1 Petr. bekend moes gewees het en derhalwe ook met die ouderlingsamp. Volgens hom word die ouderlingsamp dan doelbewus hier verswyg en dui dit op 'n latere ontstaansdatum. Bigg se standpunt is egter onnodig spekulatief. Die meervoudsvorm van ἐπίσκοπος in Fil. 1:1 dui daarop dat die betekenis nie noodwendig in die latere tegniese gebruik in die Roomse sisteem gesoek moet word nie. ἐπίσκοποι kan dus nie sonder meer as "biskoppe" vertaal word nie, maar is 'n benoeming vir die "ouderlinge" of "opsieners" (vgl. Hand. 20:17 en 20:28: πρεσβύτεροι = ἐπίσκοποι). Die woord "biskop" is dus wel gebruik in die vroeë christelike kerk, maar het gaandeweg 'n totaal ander inhoud gekry wat alleen in die Roomse sisteem pas. In die tyd van die Didaché was dit nog nie so nie.

(iii) Dit is van belang om daarop te let dat opsieners en diakens hier die plek van die profete en leraars moet inneem.

136. Vgl. 1 Tim. 3:2 v.v.; Tit. 1:7 v.v.
137. Die voorgaan by die nagmaal en die bediening van die Woord was duidelik primêr die taak van die profete en leraars. Dat dit vir die gemeente 'n mate van aanpassing geverg het om deur gekose manne uit hulle midde bedien te word, blyk uit die klem wat die skrywer lê op die feit dat Ig. dieselfde diens verrig, en, vervolgens, dat hierdie manne nie verag moet word nie. Die ampte wat op geestelike gawes berus, het blykbaar (volgens die Didaché) by die gemeente in hoër aansien gestaan as die plaaslik gekose ampte. Vir hierdie gedagte is daar nie 'n parallel in die Skrif nie. (Het ons iets daarvan in 1 Tim.4:14?).
138. 'n Duidelike onderskeiding tussen profete en leraars aan die eenkant en opsieners en diakens aan die anderkant.
139. Dit is moeilik om te bepaal na watter skrifgedeelte(s) hier verwys word. Die skriftuurplase waar ἐλέγχω in die sin van "bestraf" gebruik word, dui op 'n baie skerp handeling, bv. 1 Tim. 5:20; Tit. 1:13; 2:15; Openb. 3:19, met 2 Tim. 4:2 en Matt. 18:15 as moontlike uitsonderings.
140. "Verkeerdelik optree": die woord wat gebruik word, ἀστοχέω beteken "om af te dwaal" (vgl. 1 Tim. 1:6; 6:21; 2 Tim.2:18).
"Moenie na hom luister nie": letterlik: "laat hy nie by julle gehoor word nie". Dit sou dus ook vertaal kon word met: "moenie eers van hom praat nie."
141. Matt. 18:16-17 handel oor die uitstoting uit die gemeente.
142. Aanhalings en verwysings na die volgende skriftuurplase: Matt. 24:42, 44; 25:8,13; Luk. 12:35, 40. Die wyse waarop hierdie verse saamgevoeg is, kom volgens Zahn²⁾ (Forshungen, 1.80, p. 200) baie ooreen met die DIATESSARON van Tatianus.
143. "Dikwels" of "in groot getalle".
144. Vgl. Matt. 24:13.
145. Vgl. Matt. 7:15; 24: 10-11, 24.
146. Matt. 24:10.
147. Letterlik: "soos die Seun van God".
148. Vgl. Matt. 24:24; 2 Thess.2: 3-12.
149. Vgl. 1 Pet. 4:12.
150. Matt. 24:10.

2) C. Bigg, a.w., p. 74

151. Vgl. Matt. 24:13.
152. Vgl. Matt. 24:30. "Die tekens van die Waarheid": dan sal die bewyse verskyn dat Christus die waarheid gepraat het, nl. die aankondiging van die einde van die wêreld. Die tekens sal toon dat Jesus die Waarheid is (Joh. 14:6.).
153. Daar is geen eenstemmigheid oor die betekenis van die woorde ἐκπετάσεως ἐν οὐρανῶ nie. Sommige wil dit in verband bring met ἐκπέτομαι = uitvlieg, en sien dit dan as 'n wegraping, 'n uitvlieg na die hemel (vgl. 1 Thess. 4:17).
154. Vgl. Matt. 24:31 en 1 Thess. 4:16.
155. Vgl. 1 Thess. 4:16.
156. 1 Thess. 4:16. "... en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan".
1 Kor. 15:51-52" ons sal wel nie almal ontslaap nie,"
157. Sag. 14:5: "Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!"
1 Thess. 3:13: "... by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges."
158. Matt. 24:30; 26:64.

- - - o o O o o - - -

BIBLIOGRAFIE

- Altaner, B. : Patrologie
Freiburg in Breisgau, Herder and Co. 1960⁶.
- Athanasius, St. : The Epistles of S. Athanasius, with notes and indices.
Library of the Fathers, Oxford, 1854.
- Arnold, A. : Der Ursprung des christlichen Abendmahls im Lichte
der neuesten liturgiegeschichtlichen Forschung.
Freiburg in Breisgau, Herder and Co. 1937.
- Bigg, C. : The Doctrine of the Twelve Apostles.
London, Society for promoting christian knowledge
1898.
- Blunt, A.W.F. : Studies in Apostolic Christianity.
London, J.M. Dent and Co. 1909.
- Cross, F.L. (ed.) : The Oxford Dictionary of the Christian Church.
Second Edition revised by F.L. Cross and E.A.
Livingstone.
London, Oxford University Press 1974.
(Bevat 'n uitgebreide bibliografie).
- Eusebius Pamphilus : Kerklijke Geschiedenissen sedert den dood van
onzen Saligmaker tot aan den volkomen Bloeistand
van't Kristendom.
Vertaal deur Abraham Arent vander Meesch met
voorrede deur Albertus Voget.
Amsterdam, F. Houttuyn 1749.
- Funk, F.X. : Die Apostolischen Väter.
Tübingen-Leipzig, J.B.C. Mohr (Paul Siebeck) 1901.
- Gwatkin, H.M. : Selections Form Early Christian Writers.
London, MacMillan and Co. 1920.
- Kleist, J.A. : Ancient Christian Writers Vol. 6.
London, Longmans, Green and Co. 1957.
- Klijn, A.F. : Apostolische vaders Vol. 2.
Baarn, Bosch en Keuning N.V. 1967.
- Lake, K. : The Apostolic Fathers Vol. 1.
London, Heinemann 1917-1919.
- Lake, K. : Landmarks in the History of Early Christianity.
London, MacMillan and Co. 1920.
- Lietzmann, H. : Die Didaché mit Kristischem Apparaat.
Berlin, Walter de Gruyter and Co. 1962⁶.

- Lightfoot, J.B. and Harmer, J.R. (eds.) : The Apostolic Fathers
 London, MacMillan and Co. 1926.
 "The Epistles of Clement of Rome".
 "The Epistles of S. Ignatius".
 The Epistle of S. Polycarp".
 "The Martyrdom of S. Polycarp".
 "The Didache, or Teaching of the Twelve Apostles".
 "The Epistle of Barnabas".
 "The Shepherd of Hermas".
 "The Epistle to Diognetus".
 "The Fragments of Papias".
 "The Reliques of the Elders preserved in Irenaeus".
- Linton, O. : Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung: eine kritische Darstellung.
 Uppsala, Almqvist and Wicksell 1932.
- Roberts, A. : The Ante-Nicene Fathers.
Translations of the Writings of the Fathers down to A.D. 325 6 Vols.
 Grand Rapids, Mich., WM. B.Eerdmans 1950.
 Contents:
 Vol. 1 The Apostolic Fathers, Justin Martyr, Irenaeus.
 Vol. 2 Hermas, Tatian, Athenagoras, Theophilus, and Clement of Alexandria.
 Vol. 3 Tertullian.
 Vol. 4 Tertullian, Minucius Felix, Commodian, Origen.
 Vol. 5 Hippolytus, Cyprian, Caius, Novation.
 Vol. 6 Gregory Thaumaturgus, Dionysius the Great, Julius.
- Schaff, P. (ed.) : A Select library of Nicene and post Nicene fathers of the Christian church 28 Vols. (2 series of 14 vols.). Grand Rapids, Mich., WM.B.Eerdmans. 1956.
 Contents:
 II, Vol. 4 St. Athanasius.
 Vol. 5 Gregory of Nyssa.
 Vol. 6 St. Jerome.
- Vokes, F.E. : The Riddle of the Didache.
 London, Society for promoting christian knowledge 1938.